

DIE TAAL VAN DI PATRIOT.

M. A. — Verhandeling.

G. H. STEYN.

INHOUD .

	bls.
Hoofstuk I - <u>Di Patriot.</u>	1 - 8.
I Sy Ontstaan.	1 - 3.
II Sy Vooruitgang.	3 - 5.
III Sy Agteruitgang en Ondergang.	5 - 8.
Hoofstuk II - <u>Spelling.</u>	9 - 19.
Medeklinkers.	13 - 15.
Klinkers.	15 - 17.
Tweeklanke.	17 - 19.
Hoofstuk III. <u>Klankverskynsels.</u>	20 - 26.
Klinkers.	20 - 22.
Medeklinkers.	22 - 26.
Hoofstuk IV. <u>Die Werkwoord.</u>	27 - 40.
Wyse.	28 - 29.
Die Infinitief.	30 - 32.
Enige Sintaktiese verskynsels in sake)	32 - 33.
as Infinitief.)	
Die Deelwoord.	33 - 34.
Die Voltooide Deelwoord.	34 - 37.
Verbuiging van die Voltooide Deelwoord.	37 - 40.
Hoofstuk V. <u>Die Bywoord.</u>	41 - 47.
Vergelyking, Enige Sintaktiese Ver- skynsels.	43 - 45.
Die Dubbele Ontkenning.	46 - 47.
Hoofstuk VI. <u>Die Substantief.</u>	48 - 53.
Geslag.	48.
Getal.	48 - 50.
Die Naamval.	51 - 53.

Hoofstuk/....

	bls.
Hoofstuk VII. <u>Die Voornaamwoord.</u>	54 - 64.
Funksie.	54 - 57.
Die Wederkerende Voornaamwoord.	57 - 58.
Die Wederkerige Voornaamwoord.	58.
Die Besitlike Voornaamwoord.	58 - 60.
Die Aanwysende "	60 - 61.
Die Betreklke "	61 - 63.
Die Onbepaalde "	63 - 64.
Hoofstuk VIII. <u>Adjektief.</u>	65 - 70.
Verbuiging.	65 - 68.
Trappe van Vergelyking.	69.
Die Gebruik van <u>Meer</u> en <u>Mees</u> .	69 - 70.
Hoofstuk IX <u>Die Taal en Styl van Di Patriot.</u>	71 - 75.
BYLAE.	76 - 86.
<u>Bylaag A.</u> Reëls en Bepalings van die Genootskap van Regie Afrikaners.	76.
<u>Bylaag B.</u>	77.
<u>Bylaag C.</u>	78.
<u>Bylaag D.</u>	79 - 81.
I.	79.
II.	80 - 81.
<u>Bylaag E.</u>	82.
<u>Bylaag F.</u>	83 - 86.
I.	83 - 84.
II.	84.
III.	85 - 86.
IV.	86.

AFKORTINGE.

Afr. Gesk.	=	Afrikaanse Geskiedenis.
Afr. E. en B. Ver.	=	Afrikaander Bond en Boere Vereniging.
Arbeidskol.	=	Arbeidskolonie.
Binnel. N.	=	Binnelandse Nuws.
Binnel. en Alg.	=	Binneland en Algemeen.
besitl. vnv.	=	besitlike voornaamwoord.
bnw., bnw ^o	=	byvoeglike naamwoord; byvoeglike naamwoorde.
byw.	=	bywoord.
hulpwv ^o	=	hulpwerkwoorde.
Inl. Art.	=	Inleidings-artikel.
Korr.	=	Korrespondensie.
M' ppy.	=	Maatskappy.
Mnl.	=	Middelnederlands.
Ndl.	=	Nederlands.
Opm.	=	Opmerkings.
Red.	=	Redaksie.
Sub. Art.	=	Sub-artikel.
teenw. deelw.	=	teenwoordige deelwoord.
Vdb.	=	Voorbeelde.
volt. deelw.	=	voltooide deelwoord.
vgl.	=	vergeelyk.
Voorw.-vorm	=	voorwerps-vorm.
w.w., w.w ^o	=	werkwoord; werkwoorde.
X	=	Naas.

Die ander afkortinge is deursigtig.

DI PATRIOT.

I Sy Ontstaan.

- § 1. Op 11 Julie 1866 het in Kaapstad aan wal gestap, 'n man wie se optree 'n groot spoorslag gewees het tot die stigting van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging — Arnoldus Pannevis, 'n Hollandse geleerde, wat baie gou gemerk het dat Hollands tot 'n afsonderlike taal ontwikkel het in Suid-Afrika.
- § 2. Hy slaag dan ook daarin om sulke manne soos B.J. du Toit, wat sy leerling was, se oë daarvoor oop te maak. Vanaf 1872 bepleit hy dan ook sterk die vertaling van die Bybel in Afrikaans in die Zuid Afrikaans. Selfs skryf hy 'n brief aan die Brits en Buitenlandse Bybelgenootskap oor hierdie saak, en noem ds B.J. du Toit se naam as 'n bevoegde vertaler.
- § 3. Dit het aanleiding gegee dat op 14 Augustus 1875 agt manne, vier du Toits, twee Malherbe's, August Ahrbeck en C.P. Hoogenhout bymekaar gekom het om die saak van die Bybelvertaling te bespreek.
- § 4. Behoudens hierdie doel, het die manne ook gevoel dat die ontluikende nasionaliteitsgevoel, nog meer stootkrag gekry deur die briefwisseling tussen Klaas Waarzegger en Ware Afrikaner in die Zuid Afrikaans, vorm en gedaante moes kry.

- § 5. Die Genootskap van Regte Afrikaners is derhalwe gestig met die uitgesproke doel om Afrikaans tot 'n skryftaal te verhef.
- § 6. Die leier van hierdie beweging was dan ook niemand anders nie as ds. S.J. du Toit, wat in 'n reeks artikels in die Zuid Afrikaan, onder die skuilnaam van „Ware Afrikaander“, almal wat wou deelneem aan die stigting van so'n Genootskap, uitnooi om hulle name op te stuur aan die adres van Oom Lokomotief, Kantoor van die Zuid Afrikaan.
- § 7. Op hulle eerste vergadering is besluit om maandeliks 'n eie koerant uit te gee, wat die naam sal dra van „Die Afrika Patriot“¹⁾, en op 15 Januarie 1876 maak hy dan sy verskyning in klein formaat van sestien bladsye, onder redaksie van Ds. S.J. du Toit, C.P. Hoogenhout en D.F. du Toit D.P. Sn.
- § 8. Aanvanklik duik daar kort-kort allerhande moeilikhede op, wat betref die redakteurskap van die blad. In werklikheid bly ds. du Toit die redakteur. Vanaf 12 Februarie 1878 egter, tree Mr. D.F. du Toit D.P. Sn. op as redakteur, en sedert die tyd het hy bekend gestaan as Oom Lokomotief, 'n naam aangeneem deur Mr. C.P. Hoogenhout, en oorgedra deur hom op die redakteur van Di Patriot.
- § 9. Terwille van die liewe vrede moes al die name van die redaksielede geheim gehou word.
- § 10. Die inleidingsartikels is aanvanklik meerendeels deur ds. du Toit geskryf, nadat 'n
groot/.....

¹⁾ Kyk: Bylaag A. Reëls en Bepalings van die Genootskap van Regte Afrikaanders.

groot gedeelte daarvan deur D.F. en S.J. saam bespreek is. Met ds. du Toit se vertrek na die Transvaal (einde 1881), kom in hoofsaak alles op D.F. du Toit D.P.Sn.neer. Dit was reeds die geval toe hy na Palestina op reis was. Uit Transvaal het ds. du Toit so nou en dan 'n artikel gestuur, en so ook professor Cachet.¹⁾

§ 11. Gedurende die eerste jare van die Patriot was die rubriek-verdeling as volg: inleidingsartikel deur Ds. du Toit, asook die beantwoording van vrae; buiteland, binneland en korrespondensie deur Mr. D.F. du Toit D.P.Sn.; gedigte en kinder-rubriek, deur Mr. Hoogenhout; markpryse en advertensies deur Mr. D.F. du Toit D.P.Sn.²⁾

§ 12. Aanvanklik word die Di Patriot by Mr. J.H. Hofmeyer, die eienaar en Redakteur van die Zuid Afrikaan, gedruk, daar die Genootskap nog g'n eie pers besit het nie.

II Sy Vooruitgang.

§ 13. Die beskeie maandbladjie wat op 15 Januarie 1876 sy debuut maak met skaars 50 intekenare, het egter baie meer lewenskrag geopenbaar as wat sy teenstanders gedink het, want reeds binne agt maande na sy verskyning het sy getal intekenare veragtdubbel, volgens die nommer van 19 Augustus 1876. In 1877 het die intekenare so vermeerder dat die Patriot 'n weekblad geword het, en in 1878 verskyn dit in groot, formaat, met die wapen van die Genootskap voorop.³⁾

1) mededeling van D.F. du Toit D.P.Sn aan Dr. J.D. du Toit in „S.J. du Toit se Weg en Werk“.

2) Dr. J.D. du Toit: ds. S.J. du Toit In Weg en Werk.

3) Kyk ook Eylazze E.

§ 14. In 1877 vind daar boonop nog 'n gebeurtenis plaas wat nog meer meehelp om die intekenare op die Patriot te laat vermeorder. Op die 12^{de} April 1877 word Transvaal onregmatig deur Engeland geannekseen, en dit was toe dat die Patriot sy ware aksure gewys het, deur die Transvalers met goeie raad by te staan. In die nommer van 30 Desember 1881 kon Oom Lokomotief meedeel dat die intekenare van die Patriot vermeerder het met ruim 400 per jaar, en dat daar toe 3700 eksemplare Patriotte gedruk werd, ondanks alle teenstand, wat soms baie heftig was.

§ 15. Die volk het gevoel dat dit die koerant was wat hulle in hulle eie taal toespreek, en bygevolg, die koerant was waarin hulle hulle eie gevoelens kon uit. Ook is die doel wat die stigters van die Genootskap voor oë gehad het ten volle verwesenlik. 'N volk wat stom was het begin om hulle gevoelens en stemmings te uit in hulle eie taal. Die stigters het die moed van hulle oortuiging gehad, besiel met liefde vir hulle volk; en ondanks verguising van medelandgenote en gebrek aan geldelike ondersteuning, het die blad so uitgebrei, dat dit in 1894 die erkende orgaan geword het van die Afrikaner Bond en van die Afdelingsrade van Sutherland, Prieska, Hope Town, Hay, Herbert, Brits Town, Steynsburg, Aliwal Noord, Prins Albert en Philips Town.

§ 16. Reeds voor die tyd egter, en wel in 1892 het D. F. du Toit D.P. Sn (Oom Lokomotief) die redaksie van Di Patriot verlaat, en na Bloemfontein vertrek. Mr. C. P. Hoogenhout het reeds in 1891 uit die redaksie getree.

§ 17. Di Patriot, nou onder die redaksie van Ds. S.J. du Toit, wat in 1889 teruggekeer het uit die Transvaal, het gaandeweg 'n ander kleur begin wys. Toe voorgenoemde here nog op die redaksie was, was dit grotendeels aan hulle teenstand te danke dat Ds. du Toit nie heeltemal vaarwel sê aan die historiese skryfwyse nie. Nou kon hy sy sin volg, wat hy dan ook probeer doen het, deur die fonetiese skryfwyse in te voer. Hierdie ongewone skryfwyse het egter tasmik die teenstand van die lesers uitgelok.

III Sy Aqkeruitgang en Ondergang.

§ 18. Die keerpunt in die vooruitgang van Di Patriot het egter reeds vroeër plaasgevind, nl. in 1890 met die houding van die blad in sake die Brandsiektewet. Ook het Di Patriot nie die Jameson-streoptog afgekeer in die gees wat die meeste lesers van die blad dit wou gesien het nie. Daar was 'n duidelike omgeswaai na die Rhodes-staatskunde in die blad te bespeur.

§ 19. Die gevolg van hierdie veranderde rigting was dat die Patriot meer en meer intekenare verloor het. In die nommer van 16 Februarie, 1899, vind ons 'n bedanking van Mr. H.J. de Wet, L.W.R. as intekenaar, wat seker die gevoelens van baie van sy landgenote vertolk¹⁾. Ook word ons in die inleidingsartikel van 28 Februarie, 1899, meegedeel, dat die Bond nie sy beskrywingspunte aan die Patriot gestuur het nie, waar dit anders altyd gereëld gedaan is.

§ 20. En eindelijk lees ons in die inleidingsartikel van 16 Maart, die volgende besluit van die Kongres van die Bond:- „Aangesien Ds. S.J. du Toit en

zyn/...

¹⁾ Kyk Bylaag C.

zyn blad „Di Patriot” het publiek vertrouwen van de Afr. Bond geheel hebben verloren en zichzelf ten eenemale onwaardig hebben gemaakt, besluit de vergadering dit blad niet langer als bondsorgaan te erkennen, of op eenigerlei wyze te ondersteunen”— algemeen aangenomen.

§ 21. Die Redakteur pleit nog dat hy onskuldig is en vra of hy ooit die geringste in iets oortree het. Die Patriot is volgens hom onskuldig veroordeel, „Hulle (di Bondskongres) het nou hulle yge fader en moeder verstoet en in di angesig geslaan, sonder gegronde rede of enige konsiderasi.....
.....

Ons seg dit ni omdat di besluit ons in di minste ferwonder ni. Ne, ons het dit ferwag. Fytelik het di Kongres mar uiting gegé aan 'n haat en veroordeling wat tog reeds bestaan het, en daardeur is die posisi net suiwerder ferklaar geworde. Fan di ferkragting en ferwerping fan die ware Bondsbeginself wat nou heersend is in die Bond kon ons tog onmelik ni langer die orgaan bly ni. En in ons ferhouding tot die oorspronklike suiwere Bondsbeginself sal di besluit tog geen ferandering maak ni. Di besluit het dan ook net ten gevolg di ferandering fan 2 letters in ons hoof. „Ons noem di Patriot ni langer di erkende orgaan fan di Afrikaner Bond” ni, mar die „aïskende orgaan fan di Afrikaner Bond”. Dis di enigste ferandering. „Orgaan fan di Afrikaner Bond” is

en/.....

en bly di Patriot, net mar waar hy froeger erkend was is hy nou miskend¹⁾.

§ 22. Ondanks al die gewaande onreg Dz. du Toit voorgedaan, was hy eers aan die begin van die Anglo-Boere oorlog sy ware kleure, deur te pleit vir die goeie reg van Engeland, om haar nl. te benoet met die sake van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ons vind herhaalde male veralae van die wanbestuur van genoemde Staat.

§ 23. Skrywende van die sogenaamde „gehyne diinste,” wat dan deur die Transvaal gebruik is om die elekshies in die Kaap Kolonie te beïnvloed, sê hy: „'N ander punt wat nou duidelik an di lig gekom het is: dat Transvaal geheel in di mag was van uitgestudeerde en seurtrappe eskelms, en dat di Bondsparty in di Koloni in direkte saameswering met hulle gewerk het, ja ygenlik met hulle steun en hulle geld, ens.”²⁾

Dwarsdeur die oorlog kies du Toit die kant van Engeland. Hy neem selfs gedigte op wat die draak steek met sulke manne soos President Steyn. Oud-President Reitz word beskuldig van kranksinning te wees, President Kruger weer, word betig dat hy na Holland gevlug het om daar lekker te leef op die geld wat hy vooruit gestuur het. G'n wonder dus nie dat al wat 'n ware Afrikaner was 'n walging gekry het in so'n koerantnie.

1) Inl. Art. 16 Maart, 1899.

2) Idem 30 Okt., 1899.

§ 24. Die redakteur probeer egter alles in sy vermoë om die belangstelling in die blad gaande te hou. Vanaf 13 November, 1899, verskyn die blad selfs as 'n halfweeklikse uitgawe. Hierdie halfweeklikse uitgawe word egter gestaak op 30 Augustus, 1900, omdat die intekensare te swak opbetaal het. In hierdie ongunstige posisie verkeer die Patriot toe daar op 1 Augustus nog 'n verdere terugslag plaasvind. Dit kon nie meer direk afgestuur word na die lesers toe nie, maar moes eers na die sensor gaan, wat dit vir drie weke hou voordat hy dit afstuur. Die redakteur slaag egter nog daarin om die blad vir 'n tydlang aan die lewe te hou. Op die 24^{ste} September 1904 egter, kom daar eindelijk 'n einde aan sy kwynende bestaan.

§ 25. Dr. P. C. Schoonees is van mening dat die hooforsaak van die Patriot se ondergang nie so seer lê in die politieke verwickelinge nie, maar dat dit te wyte is aan 'n gebrek aan innerlik geestelike krag¹⁾.

Uit die voorgaande is dit vir my egter duidelik, dat die politiek meer te doen gehad het met die ondergang van reeds genoemde blad, as enig iets anders en gaan ek ten volle akkoord wat Mr. G. R. v. Wielligh en wyle Dr. Lydia van Niekerk daaroor sê.²⁾

1) Dr. P. C. Schoonees Prosa v.d. 2 Afr. T. Bew. 2^d druk.

bls. 6

v. Wielligh:

L. v. Niekerk

2) Ryk/Erste Skrywers bls. 66, Dr./De Erste Afr. Taalbew. & Letterk. Voortbrengselen bls. 36.

SPELLING.

§ 26. Die spelling van Afrikaans geniet reeds vroeg die aandag van die stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners.

vind reeds in
Oms/die „Zuid Afrikaan“ van 25 November 1874

'n brief onderteken deur „Een Ware Afrikaner“

d (ds. S. J. du Toit), as antwoord op 'n brief wat verskyn het in die „Zuid Afrikaan“ van 24 Oktober, onderteken deur Klaas Waarzegger Jr. Uit die brief van Klaas Waarzegger neem ons die volgende sinsnedes uit. „Ek het banja met jou oer di Afrikaanse taal te praat, daar met tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens met spel, soo dat ons nie soo maar hot of haar skrywe nie. Jy met daar oer een bietjie in die koerante skryf, en jy met ook een dag een stuk in Afrikaans skrywe om ver myn te lat sien hoe jy die woorde spelde¹⁾“.

§ 27. „Een Ware Afrikaner“ antwoord hierop „Ek denk ook ons moet een dag een taalkunde maak ver ons; mar nou vereers nie
... ne, neef! Ons taal moet nog banjang groei. Moet tog nie nou al ver di kind een jurkie gaan maak nie. Di's net nou te nouw; dan knel dit ver hom

X X X X X X

Mar nou nog o'er di spelling. Ek het per-beer om een party reëls op te stel. Jy kan myn se wat jy daarvan denk, en as jy nog wat wil byvoeg sal ek bly wees.“

§ 28. Dan stel hy die volgende reëls.

1) Uit: Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging
Bewerk deur 'n Lid van di Genootskap van Regte Afrikaners.

1. Ons skryf soos ons praat.
2. El'e name en vreemde woorde skryf ons so's dit in die tale geskrywe wort waaruit ons dit o'erneem.
3. Ons skryf nooit s mar altoos s of dit moet wees in vreemde woorde.
4. In een ope syllabe skryf ons nooit twe klinkers agterma' ka'er nie.
5. Waar een medeklinker uitval wys ons dit an met een ' b.v. ho'e en la'e.
6. Ons het vier e-klanke: die gewone e en die skerpe é in gegé; dan het ons die dowwe e soos in wereld, perd, se, he, le, en dan het ons nog die korte e in ne?
7. Ons skryf nie sch mar sk.

§29. Klaas Waarzegger onderskryf hierdie reëls, maar stel egter die vraag „Sal ons taal met al die tekens dan nie een bietjie al te banja op die Hebreuwse taal begin te lyk?" en vervolg hy verder „Ek het gedag om alleen ' te maak om te voorkom dat een mens onder die lees nie twee klanke of twee syllabas in een smelt¹⁾”

§30. Hier vind ons dus die eerste poging om rigting te gee in spelling, wat Afrikaans betref. Daar was egter nog baie punte wat onaangeroerd gebly het; en dat ds. du Toit nie konsekwent was in die navolging van sy spelreëls nie, hoop ons om in die volgende bladsye aan te ton. Wat die spelling in die ander rubrieke betref heers daar egter nog baie meer ~~guk~~ onvastheid en verwarring, veral indie korrespondensie rubriek, omdat die redaksie dit herhaaldemale beklemtoon. „Die opienie, spelling, ens. van korrespondente

1) Uit: Gesk. van die Afr. Taalbew. Bewerk deur 'n Lid van di Genootskap van Regte Afrikaners.

is nie ver ons rekening nie. Om die taal syn vrye loop te ge sal ons die briewe net so lat druk. so's ons dit ontvang. Mar wat ons selwers skrywe, gedigte wat ons kry, en stukke wat ons versog wort, sal ons ver die spelling, ens. sorre".¹⁾

§31. Bespreek ons eers Ds. S.J. du Toit se spelreëls, dan vind ons dat die eerste reël so vaag en vir soveel verskeie interpretasies vatbaar is, dat 'n mens nie eintlik daaraan 'n tou kan vasknoop nie.²⁾

§32. Wat die spelling van eiename betref, vind ons dat daar taamlik baie afgewyk word van die reël. Ons ontmoet o.a. sulke spellinge soos: Stellenbos (Inl. Art. 26 Sept. '84); Filadelfia ('76); Flipston ('76); Hoofflees ('76); Gryling ('76); Rynier ('76); Klaazzen ('76); Matys ('76); Breet ('76); le Roex (Korr. 8 Feb. '84); Krisjan (6 Juni 1900) e.d.m.

§33. Ds. S.J. du Toit praat van vreemde woorde, maar laat ons in die duister wat hy daaronder verstaan. Dit is dus vanselfsprekend dat waar daar nie duidelik vasgestel word wat vreemde woorde is nie, so 'n reël nie van veel waarde kan wees nie. Ons vind b.v. sulke spellinge soos Affaire (Korr. 15 Feb. 1876), naas affêre (Korr. 5 July, '76); Archiwe (Inl. Art. 15 July, '76); Concessionaars (Binnl. Nuws en Algemeen Few., '84); examen (Wens van die Genootskap 15 Jan., 1876); Circulaire (Inl. Art. 2 Nov., '83); discipels (Red. 15 Jan. '76); orisinele (Inl. Art. 13 Sept., '94); Commisaris (Inl. Art. 7 Mei '89); Naas Komsaris (Inl. Art. 27 Julie, '83); Quarantaine naas Kwarantaine/..

¹⁾ Correspondentie D.P. Woensdag 15 Maart, 1876.

²⁾ vgl. hieroor: Eerste Skrywers, §21.

kwarantaine (Aug., '84) e.d.m.

- § 34. Oor die derde spelling val niks te ee nie, daar dit taalrik konsekwent toegepas word, op 'n paar uitsonderinge na. Vbb.: Zwager ('N gesprek oor die Bybel in Afrikaans Maart, '84); by my selesu (Alweer op Rats Feb. 1884).
- § 35. Die vierde spelling geld vandag nog in Afrikaans Vbb. swaener (Zwartpilletjies 14 Julie, '89); konstewel (Sinnel. Wink 27 Junie, '89); owersig (Die Transvaalse Deputasie 5 Okt., '83).
- § 36. De. du Toit se vyfde reël lees: "Maar een medeklinker uitval wys ons dit aan met een ' bv. ho's en la's".
- Hierinas vind ons agter voorbeelde van dieselfde woorde waar die medeklinker nie weggelaat is nie. Vbb.: baklase (Inl. Art. 23 Maart, '83); vroesere (Inl. Art. 23 Maart '83); rasal (Feb., '84); eigenlik (Jan. '84).
- § 37. Ook vind ons gevalle waar die medeklinker weggelaat is, maar g'n (diakritiese) teken die reglating aanwys nie. Vbb.: sie (Inl. Art. 27 Julie, '83); oor (Inl. Art. 29 Febr., '84); seigenheid (Jan., '84); genblik (Inl. Art. 4 Julie, '89); reeds (Korr. 13 Des., '90).
- § 38. Bлиндelik vind ons gevalle waar die diakritiese teken gebruik word, waar g'n medeklinker weggelaat is nie. Vbb.: o'ek (Korr. 2 Maart, '83); so'n toe (Korr. 21 Sept., '83); dal'e (Inl. Art 2 April, '90;

offisi'ele/....

offisi'ele (Inl. Art. 7 Sept. '99); Itali'e (Inl. Art. April 1900).

§ 39 Die sesde spelreël van Dr. S.J. du Toit onderskei vier e-klanke nl. 'n gewone e, 'n skerp é soos in gésé, 'n dowwe ê soos in wêreld, sê, hê, lê; en dan is daar nog 'n kort è in nè? Op hierdie reëls het ons egter 'n hele aantal uitsonderinge aangesê. Vbb.: eenige (15 Jan., '76); skree (Inl. Art. 15 Jan., 1876); nee (Red. 2 Maart, '83); geen (Inl. Art. 15 Jan., '76). Hiernaas vind ons egter ook gen (Inl. Art. 23 Maart, '83); hiermee (Inl. Art. 11 Jan., '84); werd (Binnel. N. 12 Jan., '93); heh (Gedigte Junie, '94); pert (Di Meer N'Gami 5 Julie, '94); leh, seh (Rimpelis deur Freek Riensnyer 3 Aug., '99).

§ 40. Daar die sewende spelreël konsekwent toegepas word in „Di Patriot“, en dit ook nog vandag geldend is in Afrikaans, volstaan ons hiermee met die bespreking van Dr. du Toit se spelreëls. Van groter gewig is egter, die punte wat Dr. du Toit nie aange- raak het nie.

MEDEKLINKERS.

§ 41. So ontmoet ons ^{soms} /gevalle waar woorde en letter- grepe op 'n -b uitgaan in plaas van 'n -p. Vbb. krab (ww.) (Binnel. en algem. 25 April 84); ambgenote (Inl. Art. 18 Jan., '84). Genoemde konsonant val soms heeltemal weg. vb. antennare (Inl. Art. 9 Mei, '84).

§ 42. Gevalle kom ook voor waar die -p weer die -b afwissel aan die end van lettergrepe en woorde. Vbb. skrop-barings (Korr. 11 April, '89); opjektaer (Klyn Joggom Bo op die Ferhemelte 29 Mei, '07), opjekai (Olla Podrida 29 Aug., '84).¹⁾

1) vgl. Fonetiek § 496.

soms die redakste dit gebruik.

§47. Daar vind egter so nou en dan 'n verwarring van die twee konsonante plaas. Vob. „vonteine” (Binnel. en Algemeen 26 Sept, 1834); geeeven (Korr. April, '89); vout (Korr. 4 April, '89); vlikker (Korr. Junie, '89); vyn sout (Korr. 24 Okt., '89).

§48. Ten spyte van die innovasie van die teken f sedert 1897, i.p.v. y. / vind ons tog nog soms die y. Vob. vele (Korr. 26 Mei., '97); Transvaalse (21 Sept., '99), insolvensiis (1 Aug., 1901).

§49. Die s. word soms vervang deur die letterteken c. vob. Cirkulasi, discipels (Red. 15 Jan., '76); accyns (Binnel. N. en Alg. '84).¹⁾ Hierdie spellingswyse, wat egter maar selde voorkom, is vermoedelik die gevolg van Ndls. invloed.

§50. Vir die s-klank word, onder invloed van Nederlands ook soms 'n t. gebruik vob. naties (Inl. Art. 15 Jan., '76); spekulatie gees (Inl. Art. 11 April, '89), politie (Binnel. en Alg. 23 Maart, '83).

§51. Die ſ word soms met 'n s geskryf in die volgende voorbeelde: Sina (Inl. Art. 30 Mei, '89); Sampanje (Binnel. en Alg. 16 Jan., '90); siling (S.J. du Toit '84); orisinele (Inl. Art. 13 Sept., '94).

§52. Een geval is ontmoet waar 'n lang s gebruik is vob. Aassen (15 Jan., 1876); glasssi (Binnel. en Algemeen 16 Jan., '90).²⁾

KLINKERS.

§53. Die g. word soms met één a geskryf. Vob. pratiis (Opm. en Anmerkings 2 Nov., '83); mar (Inl. Art. 2 Mei, '89);

1) Kyk ook hieroor §33.

satjies/....

2) Vgl. spelling van hierdie woord by Voedel asook Fonetiek, §377.

satjies (Inl. Art. 29 Nov. '94).

- §54. Die ə word met die letterteken e geskryf in :-
selabes (Korr. 23 Maart, '83), gen (Opn. en Aanmerkings
6 April, '83); Komande (Lokomotief 30 Jan., '90),
Magestraat (Korr. 23 Mei, '84).
- §55. Soms word die ə ook deur 'n sillabiese r voor-
gestel in: v.b. Kerl (L. Cachet: Die Liegduiwel
6 April, '83) / (Binnel. N. 12 Jan., '93), ens.
- §56. Deur die i letterteken voorgestel tref ons ook
die ə aan in die volgende woorde:- Cirkulaire (Nov., '83),
kaffirvroue (Afr. B en B. Ver. 10 Jan., '89),
passiers (Binnel. en Alg. 18 April, '89), virlede
(Binnel. en Alg. 2 Mei, '89).
- §57. Die u word soms geskryf met die letterteken u en
soms met die twee lettertekens ou. Vdb.: Basutoland
(Red. 2 Maart, '83); Lobengula (Inl. Art. 2 Mei, '89),
Sukies (Korr. 15 Sept '94), Gouvernements (Inl. Art.
Junie, '83); kourante (Korr. 15 April, '76).
- §58. In die eerste jaargange van „Di Patriot“ is die
speeling van die i nog baie onvas. So tref ons bv.
die letterteken i aan naas die lettertekens ie. Vdb.:
die (Inl. Art. 15 Jan., '76), nisie (Die Afr. Volks-
lied 15 Jan., 1876); nie, briewe, maskie (Die Afr.
Volkslied 15 Jan., 1876); di (15 Feb., '84); iverige
(Inl. Art. 15 Jan., '76); ider, iemand, Mimi (Die Afr.
Volkslied 15 Jan., 1876); sile (29 Feb., '84).
- §59. In die latere jaargange van Di Patriot word die
letterteken i byna deurgaans vir die i(:) gebruik in
oop lettergrepe. Vanaf 1893 word die i(:) deur die
lettertekens ii voorgestel in geslote lettergrepe Vdb.:
gesiin (Korr. 2 Feb., '93); diin (Korr. 23 Feb., '93);
Tresuriir/...

Tresuriir (Sub. Art. 4 Mei, '93); enienliers (Inl. Art. 8 Febr., 1900).

§ 60. Gevalle word ook ontmoet waar die letterteken y die ie-klank voorstel. Vbb.: Jung ('90); January ('76); July ('93). Hierdie spelling kom taamlik dikwels voor en word deur baie medewerkers gebruik
TWEEKLANKS.

§ 61. Die diftong ai: word ook nees die eeu spelling op die volgende wyse voorgestel:

(1) deur eur: skreurers (Inl. Art. 31 Okt., '84).

(11) eeu: skreewers (Inl. Art. 6 Maart, '90). Hierdie spelling is nooit algemeen gebruik nie en het maar sporadies voorkom.

§ 62. Die tweeklank ei word in die eerste jaargange van Di Patriot byna deurgaans met die lettertekens ei voorgestel: eie (Die Afr. Volkslied 15 Jan., 1876); Heilsie'or (Birmeland en algemeen 23 Maart, '83); sintlik (S.J. du Toit Febr. '84).

§ 63. Gaandeweg egter nees die teken y die plek van ei in Vbb.: lesky (Inl. Art. 2 Mei, '89) X skeiding (Dies); leurye (dorr. 9 Mei, '89) X ongereimheid (oor ons Parlement 1 Aug., '69); verskye (Gebeurtisse 29 Aug., '89) X wogendheid.

§ 64. In die jaargang van 1897 word y byna konsekwent gebruik vir die ei-klank. Vbb.: wynig (Inl. Art. 29 Mei, '97); fersyry (Sub. Art. 8 Sept., '98); orighyd (Inl. Art. Junie, '99).

§ 65. Sporadiesse gevalle kom ook voor veral in die eerste jaargange van die gebruik van die letterteken ii vir die ek-klank Vbb.: bewiis, bliif (Inl. Art. 15 Aug., '76); onderwiiser (15 Jan., '76), tijd X tyd (Inl. Art. 15 February, 1876).

§ 66. Die tweeklank ai: vind ons ook op verskillende wyse voorgestel (1) deur ai: gewaai (Di Transvaalse

Deputasie 5 Okt., '83); blazie (Inl. Art. 21 Aug., '90). (II) deur ai: blai'e (Binnel. Nuwe 28 Maart, '89). (III) deur -ai-: paie (Inl. Art. 29 Feb., '84). (IV) deur ai: paie (Mei '76). (V) deur aii: paaije (Binnel. N. 28 Maart, '89).

§67. Die tweeklink ai word voorgestel (I) deur ai bring (5 Sept. '89). (II) deur aij: blie (15 Dec., '76). Die laaste gebruik kom egter maar net onder Adise. invloed in die eerste jaargange voor.

§68. -ou: Hierdie tweeklink word voorgestel deur (I) ou: vrouens (Feb. '84); voorgou'ers (Inl. Art. 16 Jan., '90). (II) ou: beskouing (Inl. Art. 6 April, '83). watrouwte (Sondsverslae 14 April, '89); blouboek (Inl. Art. 4 Julie, '89). (III) au: Paulie ('84); autoritvt ('84). (IV) au: Paula (21 Nov., '84); blauwe ('84). Die spelling by (I) word in die latere jaargange algemeen aangetref, terwyl die by (II), (III) en (IV) meereendeels in die 1^{ste} jaargang voorkom.

§69. Hierdie diftong leef ons in die volgende spellingwyse aan: (I) met oi: noiens (Sub. Art. 9 Okt., '90). (II) met oi: lojaliteit (Mixture 5 Dec., '84).

§70. Die diftong oi word ook op twee wyses voorgestel (I) deur oai: noais (Die Prastduivel Feb., '84); (II) deur oi: dejerigheid (S. J. du Toit 30 Mei, '84).

§71. Die diftong ui(:) word voorgestel (I) deur oai: groeiwyd (Binnel. Nuwe 5 Okt., '83), deur (I) oai: moislikheid (Maart, '76); (II) deur oer: moeyelikheid (Maart, '76); besproeying (18 Jan., '84); (III) deur oei: oeie (Inl. Art. 18 Mei, '83). Bostaande spelling kom ook maar sporadies voor en word nie juis gedurende 'n bepaalde periode aangetref nie.

- § 72. Naas die ui spelling vir die tweeklank oey(:) ontmoet ons ook ui spelling Vb.: sluier (15 Junie, '76); kultertyd (14 Okt., '76). Hierdie spelling word egter net in die eerste jargange aangetref.
- § 73. Ten opsigte van die aanskryf van woorde heers daar so 'n onvastheid dat 'n mens dit onder g'n wêls kan bring nie. Vbb.: strooi huise (Inl. Art. 2 Mei, '89); here reë (Korr. 17 Jan., '89); vyheids oorlog (Inl. Art. 23 Jan., '90); openings rede X openingsrede (Inl. Art. 30 Mei, '89); nasionaliteitsgevoel (S. J. du Toit 30 Nov., 1890).

HOOFSTUK III KLANKVERSKYNSELS.

§74. Die klanke, soos ons die in die Afrikaans van Di Patriot aantref, vertoon g'n merkbare verskil van die klanke wat ons vandag in Afrikaans teëkom nie.

KLINKERS.

§75. Naas die a: ontmoet ons ook die eu-¹⁾: Vbb. hoe-
vsul (Sub. Art. 15 Jan., '76); deuse; veleer (15 Feb.,
'84); seul (Inl. Art. 11 April, '89); sweup (Korr. 3
April, 1899)¹⁾. Hierdie klankverskynsel kom taanlik
bale voor en reeds so vroeg al as 1876.

§76. Ook word 'n geval aangestref waar die a: vervang
word deur ai: giemynte (Korr. 16 Sept., '76).²⁾ Dit
is egter 'n seldsame geval in Di Patriot.

§77. Die ε word eenkeer afgewissel deur u. speel moet
geld (3 Aug. '99).

§78. Naas die a vind ons soms 'n ə: Hollans X Hollens
('76), Hollense (Inl. Art. 27 Junie, '89).

Die oorgang van die a tot ə voor die hoofklem
ontmoet ons ook in Di Patriot Vbb.: selaris (Korr.
21 Sept., '93).³⁾ Kompenie (Korr. 7 April, '89).

§79. Die o: word soms afgewissel met die u en ook soms
met die ə Vbb.: gek (Korrsp. 15 Jan., '76) X ok (Feb.,
'84); ylereer (O'er Ons Parlement 15 Junie, '89). Die
ə: gaan ook soms oor tot ə by. reaynties (Arbeids-
kol. 13 Juli, '92).⁴⁾ Di wet maak ook xirsiening
genoeg (Inl. Art. '89).

1) Vgl. Fonetiek, §205.

2) " idem, §296.

3) Fonetiek §223.

4) Vgl. idem, §237.

- §80. Naas die y vind ons soms die ɔ bv. goefferneur (O'er Ons Parlement 13 Junie, '89); Blomfontyn (Korr. 15 July, '76); met (Moet) (Wenke aan Jong Onderwysers 15 Febr., '76).¹⁾
- §81. Naas die y word ook die o ontmoet bv. kerant (Binnef.N. 11 Jan., '84) X koerant (Korr. 21 Sept., '85); Gowernment (Inl. Art. 22 Junie, '83) X Gouwerne-
ments (Inl. Art. Junie, '83).
- §82. 'N enkele geval word teëgekem waar die y en die i: afwissel. Vb: Tygele (Di Oorlog 4 Jan., 1900).
- §83. Die ɔ vokaal gaan soms oor tot a.²⁾ bv. kastag
lamoens ('84); salkata (Inl. Art. 27 Julie, '95); makkar (Korr. 2 Mei, '89); gan vir g'n (verskeie kere in 1^o jaargange); Klamant (15 Jan., '76).
- §84. In plaas van die ɔ ontmoet ons ook die ɛ vokaal bv. krokedelrivier (Di Meer N'Gans 26 Juli, '94).³⁾ Krokedelle (Dies). Hierdie gevalle kom nog maar selde voor in Di Patriot.
- §85. Gevalle kom ook voor waar die ɔ ingelas word bv. makkelik (Inl. Art. 9 Jan., '90); ontsaggelike (Inl. Art. 13 Feb., '90).
- §86. Omgekeer word gevalle ontmoet waar die ɔ weggeleent word bv. konsaris (Inl. Art. 27 Julie, '83); Konsaars (Korr. 9 Mei, '84); voorge (vorige) (Inl. Art. 5 Maart, '76); eenge (enige) (Korr. 15 Maart, 1876).
- §87. Die y(i) gaan baiekeer oor tot 'n ɔ bv. doonfer-
melier; Januari; spekulasies (Korr. 15 Febr., '76); Konselent (Korr. '84).

1) Vgl. Fonetiek, §246.

2) Vgl. Fonetiek, §280

3) Vgl. idem, §235.

§88. Soms wissel die y(¹⁾ en u af, vooral in die eerste jaergange by. soeties (Korr. '76) X sukies (Korr. 15 Sept. 1894); rossie (Die Redaksie 15 Des., 1876)¹⁾

§89. 'N enkele geval word ontmoet waar y in plaas van o voorkom by. hoening (Inl. Art. 15 July, 1876).

MEDEKLINKERS.

§90. By woorde wat met die medeklinker n plus i of e plus a begin, vind ons soms deur metatesis 'n oorgang tot y plus a plus i of e. Vdb. Presies (Inl. Art. 2 Mei, '89); plisier (Groot Joggom 4 Julie, '89) X peries, perient; komplement (1876); pliesieris (Inl. Art. 12 Des. '89) X peisierig (BinneL. Nuwe 5 Jan., '90)²⁾

§91. In een geval wissel n af met y by. stavel (Junie '85).³⁾

§92. b. Die intorvokale b wissel ook met y af by. konstavel (BinneL. Nuwe 27 Junie, '91); fererwari; loosvel (Inl. Art. 15 Mei, 1901); gavel (Godigte 5 Okt., '89); ontstavel (Di Oorlog 1900). Uit bestaande voorbeelde blyk dat die vokalisme van die b-lettergroep deurgans 'n a is, soos ons dit trouens vandag nog in Afrikaans aantref.⁴⁾

§93. In een geval gebeur dit selfs dat die y plus a nog uitgestoot word. Vd.: gou; deuwel; dobbel (Roet of Wit 14 Nov., '84).

§94. *i* word soms afgewissel met u by. : soldade (Inl. Art. 15 Apr., '76).⁵⁾ Hierdie afwisseling kom egter baie selde voor in Di Patriot.

§95. Gevalle word ook ontmoet waar i uitgestoot word Vdb.: Verteel (Inl. Art. 2 Mei, 1889); onbarkshyz

1) Vgl. Fonetiek, §245

2) Vgl. Idem, §393

3) " " §397

4) Vgl. Fonetiek, §409.

5) " " §424.

onbewushyd, onbedaghyd (Opinions van die drukpers 9 Feb., '99). koesier¹⁾; ondek.²⁾

- §96. Omgekeer word gevallie ontmoet waar die t ingelig word vgl.: oo'entblikk (Inl. Art. 2 Mei, en 19 Sept., '89); opentlik (D. J. du Toit D. F. Sa. 5 Junie, '90); famieltjies; enseite (Korr. Feb., '76).
- §97. Wat betref die d vind ons ook dat dit soms uitgestoot word waar ons ds, voorafgegaan en gevolg deur 'n klinker, ontmoet³⁾ vgl. 'n outyse wind-jaar (oersig fan Nuws Aug., 1901)
- §98. Gevalle kom voor waar d aan n en r geassimileer word bv. worre (Afr. Geek. 15 Jan., '76); dragonners (Junie, '84); minners (Feb., '76).⁴⁾
- §99. Soos in die Afrikaans van vandag vind ons reeds in die Afrikaans van Di Patriot 'n afwisseling van die d met l, in die voegwoord dat. bv. ons lees in die bybel lat Paulis ens. Almal weet lat het di skuld is..... lat by weggekam het (Binnel. Nuws Nov. '76).⁵⁾ Soms word lat met twee d's gespeel, na analogie van die hulpww. laat. bv. En oom sal nou denda ek is 'n snakke mens, laat ek somar o'or politiek begin te skrywe (Korr. Sept. '76)
- §100. d word ook uitgestoot by die woorde vergairing (Gedigte 27 April, '93); prekante (Korr. 15 Jan., 1876). In albei die voorgeselde vind ons 'n geval van die uitstoting van 'n intervokale d, wat in 'n swakbekende lettergreep staan.⁶⁾
- §101. d word ingevoeg by sulke woorde soos lyde (Jan., '84); galdery/...

2) vgl. Fonetiek, §454

1) vgl. vir hierdie woord: Fonetiek, §419

2) " " " " " §372(11)

3) vgl. in hierdie geval: §95 van Fonetiek, §419.

4) vgl. Fonetiek, §§446, 449, 450. 6) vgl. Fonetiek, §454.

5) " " " " " §§437, 438.

galdery (Junie, '84); Afrikaanders (15 Jan., '876);
enkelde (Maart, '76) en een geval word te#gekon
waar 'n d aan die end geplaa word by. leeraard
(Korr. Nov., '76). by eersgenoemde woord is die d
ingevoeg onder Ndlise invloed; by die volgende drie
woorde is dit duidelik dat die n en die l maklik
nog 'n d kan byneem, daar die plek van vorming van
genoemde konsonante so naby mekaar is. In die
laaste geval is die d bygevoeg na analogie van sulke
woorde wat 'n d neem na r.

§102. Een geval word aangetref waar d afwissel met n
vb. freemp (Binnel. Nuws 5 Junie, '99).

§103. o. In plus van die ^{klank} o konsonant ontmoet ons soms
die x-klank Vbb.: sukies (Korr. 15 Sept., '94),¹⁾ biki
(Korr. 23 Feb., '93).

§104. g. g word soms afgewissel met x Vbb. nuwagirig
(17 Julie, 1900) x nuws kirighyd. (Die Oorlog 10
Mei, 1900) gristene ('84); bloegom (Korr. 3 Feb.)
Die eerste voorbeeld word onder Ndlise invloed nog
so gespeel terwyl die 2^{de} en 3^{de} verskynsels nog
vandag in die spreektaal ontmoet word.

§105. Nes die geval by die n², vind ons ook gevalle
waar k plus r, plus o, deur metatesis oorgaan tot
k plus o, plus r bv. kerditt (Binnel. Nuws 8 Junie,
'99).

§106. Die g word baie aangetref in „Di Patriot“ en
wel merendeels aan die begin van 'n lettergreep bv.
genoege, bewoge, beteugel (Inl. Art. 18 Jan., '84);
oorloge (Feb. '89); lege banke (Binnel. Nuws 11 April,

1) Vgl. Fonetiek, NW. 5463

2) Vgl. hierbo § 90.

'89); oge (Inl. Art. 25 April, '89); bylage (Inl. Art. 26 Juni, '90); geheuge (Inl. Art. 25 Des., '90).

§ 107. Naas hierdie g vind ons ook gevalle waar g uitgestoot word bv. berre (vir berge) (Philipstown Nota's 3 Mei, '94); sorre (Afr. Gesk. 15 Jan., '76). Hierdie voorbeelde wys op die Solandse invloed op sommige van die medewerkers van Di Patriot. Dit word egter nie baie aangetref nie.

§ 108. Benewens die twee reeds genoemde gevalle, vind ons ook nog 'n derde, nl. die gebruik van die halfvokaal h, i. p. v. die intervokale g Vbb.: Auhs ('N gesprek o'er di Bybel in Afr. Maart, '84); laher (leer) (Dies); dahs ('N gesprek oor die Bybel in Afr. 11 April, '84); qhs ('N gesprek o'er di Bybel 30 Mei, '84).

§ 109. Die intervokalisering y word ook nog soms teëgekomen waar ons dit oor die algemeen vandag nie meer aantref nie bv. ereral (Di Transvaalse Deputasie 5 Okt., '83); 'n oversig (Alweer op Reis Feb., 1884); oewrvloedig ('84); ouwe (Bondsverslae 11 April, 1889); houstoon (Inl. Art. 2 Mei, '89).¹⁾

§ 110. Naas die y vind ons soms f Vbb.: riffe (Inl. Art. 1 Mei, '90) X rifwe (Lomokotief 30 Jan., '90); unifersi-tyt (Sub. Art. 9 Fev., '99); souferynityt (Inl. Art. 10 Aug., '99).

§ 111. k word soms gebruik i. p. v. g Vbb.: lanksage (Inl. Art. 5 Jan., '95); lenkte (14 Okt., '76).

¹⁾Vgl. Fonetiek, §615.

§112. Die halfvokaal h word vervang deur g in die volgende woorde:- moosheid (Korr. Junie, '89);
flougeit (Verkiesing v Parl.iede 24 Aug., '93).¹⁾
'N vroeëre stadium in die proses van ontwikkeling van bestaande voorbeelde word ontmoet in die woord: astrantigheid (Binnel. en Alg. 25 Maart, '83).

¹⁾Vgl. Fonetiek, §807.

HOOFSTUK IV.

DIE WERKWOORD.

- § 113. By die nagaan van die wv, soos ons dit in Di Patriot aantref, vind ons dat dit oor die algemeen, net soos nog in die Afrikaans van vandag, verhoog word deur middel van die hulpwv^u, is, het, aan en die verl. tydsvorme daarvan.
- § 114. Die tyd wat gebruik word is ook dieselfde wat ons nog vandag gebruik. Alleenlik vind ons dat die lode van die redaksie baie meer konsekwent is in die gebruik daarvan, as die verskillende medewerkers en korrespondente.
- § 115. Die oorspronlike sterk wv. word nog dikwels in die verl. tyd in die sterk tydsvorm aangetref, veral in die eerste jaargang, en meer bepaald deur enkele skrywers, soos o.a. ds. E. J. du Toit, onder Wdl. invloed. Vbb: „Nadat ons..... ons opinie uitgesproke had“ (Ind. Art. 23 Maart, '83);... „en die kane... vir ideren anlokkelik skeen;“ en verlaat op di 12^{de} van dieselfde maand di streek en kwam hier an“ (P.P. Goetzer 23 Nov., '89); „Ons gins op 'n stille plek staan toen ons daar so stond“ (S.J. du Toit '84).
- § 116. Bepaal ons ons aandig by die hulpwv^u, dan vind ons dieselfde hulpwv^u in gebruik in Di Patriot, as wat ons ook nog vandag in Afrikaans aantref.
- § 117. By die hulpwv^u van tyd vind ons, vermoedelik onder die invloed van Nederlands, 'n deureenloping van die twee vorse, het en is. Vbb.: „en wat is nou hier met ons gebeur .. ens“ (Wens v d. Genootskap 15 Jan., '76); „.. en deur al die gevare gegaan/...

gegaan is" (Afr. Gesk. 15 Jan., '76).

§ 118. Die ander hulpw^o wat aangetref word is: kan.
wil. sal. mag. moet. laat. hoort. darf. ambaar.
hoef. bl. skyn. en begin.

§ 119. Wat die vervoeging van bestaande hulpw^o
betref, kan opgemerk word dat dit ooreenstem
met die vervoeging soos ons dit nog vandag in
Afrikaans aantref, behalwe in die geval van
skyn, waar die veri. tyd, skyn is.

WYS.

§ 120. Die wyse van die w.w., wat ons in Di Pa-
triot ontmoet, verskil nie van die wyse wat
ons vandag in Afrikaans aantref nie.

§ 121. Ons onderskei ook die aantonende wys, of
deklaratielike bewoëring, volgens Dr. J.J. Le Roux,[†]
die optatief, die konjunktief, die gebiedende
wys en die infinitief.

§ 122. Die aantonende wys, of indikatief, vind ons
in die volgende sinne: „'n Deurdringende reën is
daar veer geval" (Inl. Art. 7 Feb., '89); „op di
21ste Januari werd die beeste siek" (Boerdery
21 Feb. '89).

§ 123. Die optatief vind ons in die volgende sinne:
„Mog dit bewaard bly" (Afr. Gesk. - 15 Jan., '76).
Die voorgaande wens soos vandag in Afrikaans 'n
onvervulde, of onvervulbare wens uitdruk, wat
hier egter nie die geval is nie ¹⁾. So vind
ons ook nog: „Mog ons in die vrees aangenaam

1) Kyk Sintaksis, § 512.

teleurstel worde" (S.J. du Toit 71 Stellinge)

In die volgende sin is die optatief sintakties aanwesig: „Mag die kintskinders maar altyd die vromheit en deug van hulle voorouers bewaar!" (Die Wagsnote '76).

§124. Voorbeelde van die konjunktief vind ons in die volgende sinne: „God kon sy wil bekend maak ho in één taal" (Inl. Art. 15 Jan., '76); „.... en waarom sou di Afrikaanse Patriot nie een kan worde nie" ¹⁾ (Inl. art. 15 Jan., '76).

Sintakties is die konjunktief aanwesig in die volgende voorbeelde: „.... en seker had syn eerwaarde daarin groot gelyk" (Korr. 8 Feb., '84); „wolik is dit goed om 'n deputasi af te vaardig" (Inl. Art. 29 Feb., '84); „Kan julle dit se, dan moet en sal ons erken" ('n Gesprek o'er di Bybel in Afr. 11 Juli, '84).

§125. Die imperatief het, soos dit nog vandig die geval is in Afrikaans, nie 'n aparte vorm nie, maar word omskrywe deur moet en laat. Vbb. „.... laat hulle net sorre" (Binnel. en Alg. 18 April, '84); „... dan moet dit daadlik geskiede" ('n Gesprek o'er di Bybel in Afr. 30 Maart, '84); „Jy moet nie" (Korr. 15 Jan., '76). ²⁾

In die voorlaaste sin sien ek 'n duidelike bevel, en kan derhalwe nie heeltemal saamstem met Dr. J.J. Le Roux nie. ³⁾

1) Vgl. ook Sintaksis, §464

2) " Dies, §302

3) " Sintaksis §391.

DIE INFINITIEF.

§126. Aanvanklik het die infinitief byns deurgaans op -e uitgegaan, na om te en te. Vbb.: „Ons het daarom dubbels rede om te hope en te bidde.... en om ons te verheug“ (Red. Julie, '76); „om ons die oge te ope“ ('83); „om die oes te reide“ (Buitel. en Alg. '83).

§127. 'N aantal -e, waarvan die stem op 'n f (v) uitgaan, neem ook die buigingsuitgang -e in die infinitief. Vbb.: „om die orde te handhave“ (Inl. Art. 15 April, '76); „... ons het dan ook rede om te gelowe ... ens.“ (Inl. Art. 15 April, '76); „hy moet nie gedurig ala belowe en nooit slian nie“ (Korr. 15 Jan., '76); „nou het ek tog so'n beetjie nuws om te skrywe“ (Korr. 23 Mei, '84); „dat hulle amper nie daarvan kon lewe nie“ (Afr. Gesk. 15 Jan., '76); „Na it gesaal is moet di oppervlaakte altyd klan blywe“ (Boerdery 30 Mei, '84); „... 'n volk syn taal te ontrowe“ (S. J. du Toit //Stellinge, '90).

§128. Naas die vorme wat op -e uitgaan in die infinitief vind ons ander sonder 'n -e as buigingsuitgang, en dit nogal in staande uitdrukkinge wat vandag nog deurgaans die buigingsuitgang neem. Vbb.: „Dis te hoop“ (Inl. Art. '84); „Dis te wens“ (Inl. Art. 15 July, '76); „... daar dit met die saak niks te maak het“ (Transvaalse Nuws '83); „... dat meneer Hofmeyr ... met reer moeilikhede sou te kamp gehad hê“ (Inl. Art. 27 Junie, '84); „om wat ny kan te weet kom“

(Afr./.....

(Afr. Gesk. 15 Jan., '76); „... wat hulle daarvan kan te weet kry" (Dies). Dat genoemde voorbeeld reeds in die eerste jaargange voorkom, en bowendien in die inleidings Artikels, bewys m.i. nie dat dit toe algemeen gangbaar was nie, maar net 'n al te ver gedrewe ywer, in die eerste jaargange, om alles te verafrikaans, daar die verstaarde uitdrukkings weer algemeen gebruik word in die latere jaargange.

§129. Na die hulpww. durf, vind ons die infinitief met te en ook soms daarsonder. Vbb.: „... daar durf hy nou niks teen te se nie" (Korr. 14 Sept., '93); „... of hy met syn naam voor di dag durf kom" (Inl. Art. 23 Mei; '84).

§130. Eenkeer ontmoet ons die infinitief op -e as onderwerp van 'n Sin, vermoedelik onder Ndl. invloed. Vb.: „Dog klage en prate help niks" (Inl. Art. 10 April, 1899).

§131. Na die hulpww² sal, kan, moet en die praeterita daarvan: sou, kon, moes, vind ons die vorm hê, na die verl. deelw. vir die hulpww. het. Vbb.: „... omdat ongetwyfeld veel sou bygedra hê" (Inl. Art. '84); „... wat miskien veel lig op die saak kon geworpe hê" (Dies.)

§132. Naas die infinitief hê vind ons ook het. Vbb.: „Hy moet heel wat geseg het" (D.F. du Toit D.F. Sn. 25 Sept., '90); „... dat hy kon geseg het" (Dies).

§133. Uit die ondersoek blyk dit egter dat hê, as die infinitief van het, na die bogenelde hulpw^o, baie gebruik is gedurende die eerste jaargange van di Patriot, toe die skrywers nog sterk onder Ndl. invloed gestaan het. Oandeweg egter is dit vervang deur het¹⁾ hoewel hê nog sporadies voorkom.

§134. Na die byw. na, vind ons byna deurgaans die gebruik van die verkeerde infinitief, hê, voorafgegaan deur te, i.p.v. het, vermoedelik ook onder die invloed van Nederlands. Vbb.: „na die saak oorweg te hê“ (Inl. Art. 21 Maart, '89); „Na lang ni van hier iets gemeld te hê“ (Di Patriot Goud Eyn M'ppy 21 Maart, '89).²⁾

Enige Sintaktiese verskynsels in
sake die infinitief.

§135. Die infinitief vind ons ook verbind met vorme van wees en het deur middel van aan met of sonder die of 't.³⁾

As die infinitief met die gebruik word vind na dit gewoonlik vasgekoppel aan die woordjie aan met 't soms vas, soms los. Vbb.: „... anders had al di jinge blante and skré gegaan“ (Inl. Art. 20 Nov., '87); „en die boere is fluks an ploeg“ (Einnol. Nuws 12 Jun', '90); „Di Boere is and' naver sny“ (Binnel. en Algemeen 14 Nov., '89); „Den dag was hy an't stry met iemant“ (Korr. 10 July, '76); „... en want ant' lees geset het“ (Van die Planke Hut tot die Witte Huis '84).

§136. Die hulpw^o sit en staan word met die volgende w^o verbind deur middel van die verbindings-

1) Vgl. ook in hierdie verband: Sintaksis, §308; Bouman en Fientar, §145; Van Oostrum en Kriksinger, §122

2) Vgl. Sintaksis, §308.

3) Vgl. Sintaksis, §§22, 296.

woord 'n, en soms daarsonder.¹⁾ Vbb.: „... ek hoop mar hy sal dikwils hier kom sit 'n praat" ('n Gesprek o'er di Bybel in Afrikaans 5 Sept., '84); „... die predikante die staan daar 'n slim-praat" (Korr. '76); „Dan dank ons: di Liegduiwel kan daar oek gerus sit huil" (Inl. Art. 26 Sept., '84); „Ons kan mar sit lag" (Idem); „Hier vind ons 'n verdere ontwikkeling van die Enl. kon-struksie ende 'n vorm van die verbum finitum,²⁾ waar in Nederlands te infinitief gebruik word; en ons vandag en infinitief gebruik.

§ 132. Onder die invloed van Nederlands vermoedelik, vind ons soms on weggelaat voor te infinitief Vbb.: „Dan hoop ons die Patriot tweemaal die maand uit te ge" (Redaksie 15 April, 1876); Nuber Pacha is bezig 'n nuw kabinet same te stelle" (Buitel. en Algem. '83).

DIE DEELWOORD.

§ 133. Ons ontmoet ook hier twee participia aan, nl. die onvoltooide en die voltooide.

§ 134. Die onvolt. deelw. kom voor net soos ons dit vandag nog aantref in Afrikaans, nl. as attributiewe en predikatiewe bw^e:

§ 135. Die teenw. deelw. word soms gebruik in plaas van 'n byzin.³⁾ Vbb.: „Di Petisi fortoekende

1) Vgl. Sintaksis, § 302; Van Oostrum en Kritzinger, 172; Bouman en Pienaar, § 143, 4(a).

2) Vgl. Stoett, § 13.

3) Vgl. Sintaksis, §§ 312, 313.

om opsikorting fan di konstitusie" (Inl. Art. 13 Juni, 1901); „ Dus mynerende ging ek voort" (Alweer op Reis 1884); „ Praterende van 'n Nasionale Bank" (Inl. Art. 29 Julie, '83).

Hierdie gebruik kom egter baie seldsaam voor, en soos blyk uit hierdie voorbeelde, is dit net deur die redaksie gebrúig, vermoedelik onder Ndl. invloed.

DIE VOLTOOIDE DEELWOORD.

§141. Die volt. deelw. verwul in Di Patriot ook twee funksies, nl. 'n werkwoordelike en 'n aanswoordelike.

§142. In die werkwoordelik funksie dien dit in verbinding met hulpw² om (a) volt. tye te vorm. Vbb.: „... dat sodanige genesing plaas gevonde het" ('84); „ wat hy van agter di skans van naam-
verberging geskrewe het" (Inl. Art. 23 Mei, '84); „ Waar hy in die Biduur gesproke had." (Inl. Art. '83); „ Hy sou dit wel verlies het" (Inl. Art. 25 Julie, '82).
(b) Om die lydende vorm uit te druk Vbb.: „... word die eerste beoefend, dan word die tweede gevonde" (Inl. Art. 18 Feb., '84); „ Ons ei'e taal was nog nie erkend nie" (Inl. Art. 15 Jan., '76); „ In 1815 is dit en hulle o'ergegê" (Idem); „... kannie ... o'gegê worte nie" (Afr. Gesk. 15 Jan, '76).

§143. Uit bestaande voorbeelde van die volt. deelw. blyk dit dit, soos vandag nog in Afrikaans, gevorm word, nl. ¹⁾ deur die voorvoegsel

1). Vgl. Afr. Spraakw.
Bouman en Pieter 2150, 2 opm. b en c.

ge infin. of geakroon. Ons tref hier egter 'n veelvuldige gebruik van die sterk vorm aan van die oorspronklike sterk ww. Wat egter dadelik in die oog val, is dat hierdie sterk vorme, waar dit voorkom in al die jaargange, meestal gebruik is deur die redaksie. Hier hoars egter ook maar nog 'n groot verwarring, wat die gebruik van gemende twee vorme betref, sodat dit moeilik was te stel is, watter van hulle oorsag. Die onder medewerkers gebruik deur die swak vorm¹⁾. (ii) ge - word tussen die twee dele van 'n skeidbaar saamgestelde ww. geplaas, soos vandag nog in Afrikaans die geval is. by. blootleg. (iii) Sonder voorvoegsel by afgeleide ww. wat voorsien is van een van die voorvoegsels: be-, ge-, er-, her-, ont-, en ver-, en wv^o met 2 lettergrepe, waarvan die laaste lettergreep op -aar uitgaan.

Waar ge- in Middelnederlands 'n perfektiewe handeling, of 'n oomblikshandeling uitgedruk het, het dit later so verswak, dat dit net 'n middel geword het om participia praet. te vorm van elke ww. selfs van onskiedbare wv^o, en wv^o, wat wans hulle perfektiewe betekenis, die prefix kon mis.²⁾

§ 144. Die voorvoegsel ge- word egter baie gebruik in Pi Patriot by wv^o, wat onder 143(3) val. Vbb.:
" ... en ons hoop van herte dat heneer Jouberts wet.. gunstig deur di Bond mag geontvang werde" (Inl. Art. 7 Feb., '89). Hoewel geontvang hier as infinitief ge

1) Vir die verbuiging v.d. volt. deelw. Kyk⁹⁸ 153, 154
bruik/

2) Vgl. Slecht. Inl. Sintaksis. § 286.

word, mag ons opmerk dat daar g'n verskil bestaan tussen die infinitief en die volt. deelw. by hierdie klas ww. nie.¹⁾

Nog meer voorbeelde van uitsonderinge op die reël in 148⁽³⁾: "... en as daar meer geparbeerd was" (Binnel. Nuws 14 Maart, '89); "... en dit an al di Engelsmanne gevertel het" (Binnel. Nuws 14 Nov, '89); "waar gen jota of tittel an gemakeer het" (Korr. 1 Mei, '90); "... wat hulle oëer di arme Afrikaners het geontferm" (Inl. Art 16 Jan, '90).

In die spreektaal van vandag is daar 'n sterk neiging om die prefix onals te gebruik om participia praet. aan te dui, ongeag of dit onder die reël in 148⁽³⁾ val, of 'n onskheidbaar samegestelde woord²⁾ is, soos die geval in Mnl. was.³⁾

§145. Hoewel die onskheidbaar samegestelde ww^e, wat met ander voorvoegsels as die genoem in 148⁽³⁾ samegestel is, byna deurgaans nie die voorvoegsel ge- in die volt. deelw. neem nie, vind ons tog gevalle soos die volgende: "... en weer deur di Afrikaners geondersteun sal kan worde" (Inl. Art. 18 April, '89); "... Syn hoge roeping wat ny het, genieken het" (Inl. Art. 20 Feb., '90).

§146. As attributiewe bnw. vind ons die volt. deelw. in die volgende sinne: "... die Patriot van 1876 netjie gebonde" (Red. '76); "... 7 geneemde en opgegraaftde kanonne" (Di Oorlog 14 Maart, 1901); "... di ter dood gebringde kommandant" (Di Oorlog 14 Nov, 1901); "onbeskryfte foorfalle" (Red. 26 Aug., '98); "ge-ërfd wordeboek" (Inl. Art. 25 April, '89).

¹⁾ Vgl. Bouman en Pienaar, §150, opm. by 2(b) en (c).

²⁾ Kyk § 143.

³⁾ " Stoett § 286.

As ons die ouer periode van Di Patriot vergelyk met die latere periode, dan merk ons dadelik dat die redaksie en die medewerkers in sake die gebruik van die volt. deelw. as attributiewe baw., gedurende die eereke periode, nog baie onder die invloed van Nederlands staan, terwyl die medewerkers, en veral die redaksie, gedurende die latere periode, wegdoen met al die reste van sterk vorme, en swak vorme in die plek gebruik.

147. Nes in die geval van die onvolt. deelw., vind ons ook die volt. deelw. soms gebruik i.p.v. 'n bysin. Vbb.: "... of neem 'n ander geval verhaalde deur di Eerr. Archibald Brown" (Alweer op Reis Jan., '84); "... ek sien ... 'n brief getekend" (Korr. 4 April, '89).

Hier waar merk ons die invloed van Nederlands, en wat van belang is, is dat ons selfs in die korrespondensie-kolomme, en so laat nog as 1889 aantref, hoewel nie veelvuldig nie.

VERBUIGING VAN DIE VOLTOOIDE DEELWOORD.

148. Wat die verbuiging van die volt. deelw. betref, is daar 'n baie groter verwarring as by die verbuiging van die teenw. deelw.

149. In die geval van die ooregrynklike sterk ww^e kom die volt. deelw., versover ons red's kan opstel, in die sterk sowel as in die swak vorm voor, en soms in albei vorme. Vob.: "Algemeen aangenome" (Inl. Art. 24 Okt., '84); "Daartoe werd dan ook

beslote/....

beslote" (Dies); „nou is die dag aangebreek"
(Korr. 2 Mei, '83); „dat nulle wat ons gely en
geholpe het" (Dies); „... di landheer het onder-
neme" (Alweer op Reis '84)"

§150. Ons vind dat die redaksie weer die sterk
vorm gebruik, veral in die eerste jaargange.
Dit kom nie net in geïkete gevalle voor nie,
maar word soms gebruik om die tydsvorm van 'n
werkwoord te help vorm¹⁾. Vbb.: „totdat geheel
Suid Afrika onderworpe is .. ens." (Oersig v.d.
Week 11 Juli, 1901); „... wat my vin agter di
ekans van naamverberging geskrewe net" (Inl. Art.
23 Mei, '84); „Ons het beslote" Afr. Gesk. '76);
„... had hy angetroffe ens." (Inl. Art. 24 Mei, '83).

§151. Hiernaas vind ons ook die swak vorm. Vbb.: „...
dan wort die bestuur gekies" (Korr. 15 Feb., '76);
„wat nie gesprek word nie" (Inl. Art. 15 Maart, '76);
„Die veremerk is dieselfde geblywe" (1884); „... van
„wi di huise afgesprek word" (Alweer op Reis 1884);
„Toen 'n twissak voor hom gebring word" (Dies);
„Op Colasberg is 'n knaap van omtrent 10 jaar oud
... in die stadedaan verdrink" (Binnel. N. '89);
„... het di Engelsensel dit die verate gebring in
„Selftevredeheid" (Inl. Art. 27 Maart, '90).

§152. By stamme wat op die frikatiwe uitgaan kan
ons, nes in die versket gevalle alreeds hierbo
genoem, g'n vaste redia opstel nie. Dit eindig
soms sonder en soms met 'n toevoëssel. Dieselfde

1) Vgl. Sintaksis, §§ 82, 324.

geval/....

geval kom ook by die ander konsonante voor, nl.
by h, n, ng, r en 'n vokaal.

§153. Hoewel dit oor die algemeen die geval is soos
ons dit nog vandag in Afrikaans aantref, dat stam-
vorme op ag nie 'n d (t) op die end neem nie,
vind ons tog soms sulke uitsonderinge. Vbb.: „...is
an di dag geleë“ (Ehannal. en Algem. Jan., '84); „Hoe
meer die leer verkondigt word“ (Korr. 15 July, '76).

§154. Stamvorme wat op -l uitgaan neem op 'n paar
uitsonderinge na, 'n -d op die end. Hier is dit
nie 'n geval dat ons onder Ndl. invloed meer d's
vind in die vroeëre periode as in die latere nie.
Dit is meer waarskynlik dat die redaksie, sowel as
die medewerkers, toe nog meer die d gehoor het op
die end van sulke woorde as wat dit vandag die ge-
val is. Vbb.: „... Uit Texel geseild“ (Red. '76);
„waarvoor 2id. ver 'n gros betaald word“ (Alweer op
Reis Jan., '84); „As hom miskien per guns sitting
verleend word“ (Inl. Art. 25 April, '84); „... en werd
op di 12 Mei ... aangesteld“ (28 Feb., '89); „Mr. J.
Boltean is aangesteld“ (Lokomotief 30 Jan., '90); „Di
Kerk was net goed gevold“ (Korr. 21 Sept., '93).

Hiernaas vind ons die uitsonderinge, sonder -d
Vbb.: „... hoe skandelijk di Vrystaat is behandel“
(Inl. Art. 15 April, '76); „... was ten volle opbe-
taal“ (Lokomotief 30 Jan., '90);

§155. Op -r byna deurgaans sonder -d op die end.
Vbb.: „... o'eral word gekollekteer“ (Red. 15 Feb., '76)

dat/....

dat as di advertensi nom geweiger was" (Red. '84).
"Hiernaas vind ons egter tog nog gevalle met -d,
wat nie as adjektiewe kan beskou word nie, maar
wel as dele van werkwoorde¹⁾. Vdb.: "... dat
di wet geproklameerd worde" (Inl. Art. Jan., '84);
"as di ou genootskap ni kan gereorganiseerd worde
ni" (Inl. Art. Jan., '84) "Ontrent vyf honderd
Burgers het hom gekorteerde" (Di Parlement 23
Mei, '84).

§156. Op -m met en sonder uitgang Vdb.: "Deur di
voorlaaste Synode was 'n Commissie benoem" (Inl.
Art. 27 April, '83); "Dit word kort en duidelik
angetoond en ... toegestemd" ('n Gesprek o'er di
Bydel in Afr. 2 Mei, '84).

§157. Op -n met en sonder uitgang. Vdb.: "As hom
misskien per guns sitting verleend word" (Inl.
Art. 25 April, '84); "Dit word kort en duidelik
angetoond" ('n Gesprek o'er di Bybel in Afr. 2 Mei,
'84); "... voor en alear di Afrikaanse taal alge-
meen erken is" (Inl. Art. 15 Feb., '76).

§158. Op vokaal sonder en met uitgang. Vdb.: "...
dat ons 'n heel party re'eis ... weggegoi het"
(Red. '76); "... dat dit as 'n bydrage kan beskou
worde" (Inl. Art. Jan., '84).

1) Vgl. Bouman en Pienaar §151, 2 opm.1.

HOOFSTUK V.

DIE BYWOORD.

§159. Die bywoord, soos ons dit in Di Patriot aantref, vertoon nie groot afwykinge van die bywoord wat ons vandag in Afrikaans aantref nie.

§160. In die meeste gevalle stem dit ooreen daarmee. Vgl. „dat dit di laaste jaar veral skrikkelek toegeneem het“ (Red. '84); „by mense wat ergens anders sou gaan“ (S. J. du Toit Alweer op Reis '84); „kinders wat nouweliks kon loop“ (Dies).

§161. Ons vind dat die byw. oor die algemeen onverboë bly as dit 'n ^{ww} ~~ww~~, 'n byw., 'n talwoord, of 'n predikatief gebruikte lnw. bepaal. Hiernaas vind ons soms egter verboë vorme. Vgl.: „Ek is reg bly“ (Korr. 15 Feb., '76); „Dat was die Hugenote regte mooi“ (Die Hugenote '76); „... lank genoeg het die onreg geduur“ (Inl. Art. 15 Feb., 1876); „Die lang genoeg“ (Dies); „... en dan onverwag 'n party rapporte voor di Read te 16“ (Inl. Art. 28 Feb., 1889).

§162. Bywoorde wat attributief gebruikte lnw. bepaal word, soos dit vandag, nog die geval is in Afrikaans, het onderdeel van attributiewe lnw. deurdát dit 'n sterker aksent kry, en met 'n sneller tempo uitgespreek word¹⁾. Dit word aangetref in die verboë soos in die onverboë vorm. Vgl. „dat hulle spyt het o'er Transvaal hulle vorige billike voorstelle afgeslaan het“ (Inl. Art. 19 Okt., '99); „mar bring klein kapteins het al vrede gemaak enz.“ (Transvaal Nuws '76).

1) Vgl. Sintaksis, §6½ Opm.

§ 163. Die bywoord wat ons in Di Patriot aantref word ook verbuig deur die toevoeging van (1)-er in die vergrotende trap, soos ons dit nog vandag in Afrikaans aantref.

(11)-s en soms -ste in die oortreffende trap, as die byw. 'n ww. bepaal, soos nog vandag in Afrikaans die geval is. Vbb.: „as applikante ... vermeld wanneer hulle liifs wil trek" (Inl. Art. 24 Mei, '94); „ Mr. Ashburnham, laas magistrat fer noordelike Bechuanaland .." (Di Oorlog Okt, 1901);

§ 164. ^{hierdie} Behalwe/verbuiging van die byw. in die komparatief en superlatief word dit ook nog verbuig deur die toevoeging van (1)-ers. Vgl. „dat julle hom liewers nie die koerant moet stuur nie" (Korr. 15 Jan., '76).

Hierword die komparatief nie meer gevoel nie.

„Vraag julle altemitters" (Red. 15 Jan. '76).

Hiernaas vind ons altemit (Die Hugenote 15 Maart, '76) en ook altemits (Korr. 21 Sept. '83).

„.... dat hy aljimmers di kaffer vee van 'n sekere meneer na di skut bring" (Red. 18 Mei, '80)

(11)-s. Vgl. „... en die strome is partykeers ens." (Binnel. N. Maart '76); „ Di Goudvelde begin van nuuts af op te flikker" (Dies).

By reste van di ou 2^e naamval ontmoet ons ook die buigings -sa soos die gebruik nog vandag in Afrikaans aangetref word. Vgl. „.... hy ons Donderdags op kantoor kun te spreek kry" (Red. '84); „ ses kinders loop blootvoets" (S.J. du Toit. Alw. op Reis, '84); „... byna alle smorens ens." (Alweer op Reis, '84).

§ 165. Soms vind ons i.p.v. die buigingsuitgang eer vir die komparatief te + Positief. Vgl.: „Nou kom daar te eer onenigheid“ (Inl. Art. Maart, '93).

§ 166. Ook word te + komparatief vir die komparatief ontmoet. Vgl.: „om te eerder di gorilla-oorlog tot 'n end breng“ (Inl. Art. 1 Aug., 1901).

VERGELYKING, ENIGE SIMTAKTIESE VERSKYNSELS.

§ 167. Vergelyking by die byv. word met die positief uitgedruk deur middel van (I) so as. (II) nes. Vbb.: „... so lank as ons leef“ (Wens v.d. Genootskap 15 Jan., 1876); „nes hy dit kaeta nie verstaan nie“ (Wens v.d. Genootskap 15 Jan., 1876). Hoewel (I) nes algemeen gebruik word in Afrikaans is (II), in die sin soos dit hierbo gebruik is, baie ongewoon.

§ 168. By die komparatief vind ons: as, dan. Vbb.: „dat ons in verskeie gevalle nader by die oud Hollands geblewe het dan die Hollanders“ (Inl. Art. '76); „... meer as een geolje saak ons“ (Binnel. Nuws Junie, '84); „wel dit is iets wat ons vroeger al meer as eens onder di andag . . . gebring het“ (Inl. Art. Junie, '83); „om die lesers van Di Patriot 'n kletjie meer te vertel, dan wat reeds vertel is“ (Inl. Art. 14 Sept., '83).

§ 169. Omtrent die gebruik van dan en as kan opgemerk word dat daar nie 'n bepaalde periode is wat een van hulle meer gebruik is as die ander nie. Ons vind 'n deureen-gebruik van altwee vanaf die eerste jaargange tot die laaste. Hier is dus nie 'n bepaalde aanwysing dat ~~dat~~ die Nederlandse woord gedurende die eerste period meer gebruik is, ^{n/e} maar

dat/.....

dat dit gaandeweg vervang is deur ag.

§ 170. In die geval waar twee komparatiewe vergelyk word ontmoet ons nog 'n komparatief voor die eerste. Vgl.: „Die merkwaardig dat ... di sisk eer erger as beter gemak het“ (Alweer op Reis 1^e Hoofstuk 1884).

Hoewel die komparatief eer nie heeltemal onbekend is nie gebruik ons n.l. meer die komparatief eerder.¹⁾

§ 171. In die verbinding anders as, sien ek ook 'n vergelyking. Vgl.: „anders as dat sommige gemeentes... verskoon was van water en melk“ (Sinnel. Nuws '84).

§ 172. Ook in die samestelling niks as lê 'n vergelyking opgeslote. Vgl.: „waar nix as Engels gelees word“ (Korr. 15 Jan., '76).²⁾ Behalwe hierdie samestelling ontmoet ons ook vandag in Afrikaans die samestelling niks anders as.

§ 173. Die geval word aangetref waar te + byw. ontwikkel het tot 'n kompositum en die funksie van 'n bywoordelike bepaling verrig. Vgl.: „Die Boland lyk ver myn te danig mooi“ (Korr. '76); Hierdie uitdrukking is vir my onbekend, maar word na alle waarskynlikheid nog op sekere plekke gebruik.

§ 174. Sekere gevalle word ontmoet waar alleen te gebruik word as 'n bywoord, om 'n bw. in die komparatief te bepaal. Vgl.: „wat in die geval te gemakliker was“ (Inl. Art. 23 Maart, '83).

1) Vgl. ook Bouman en Pienaar: Spraakkunde, § 98, 8.

2) Kyk: Sintaksis, § 207.

§ 175. Die bywoord word soms herhaal, met of sonder 'n bindwoord, om 'n hoër graad aan te dui. Vgl.:
"Onder sulke kondisies kan hulle nooit is nooit die Bank toelaat ens." (Korr. 23 Maart, '83); "En wil ons reg reg voortgaan met di skaapboerdery.. ens." (Boerdery Vrydag 27 April, '83).

Die uitdrukking "so nooit as nooit" is my bekend; bestaande gebruik waar is as bindwoord gebruik word egter nie.

In plaas van reg reg, wat so ver my bekend 'n Hollandisme is, is my alleen die woordjie reëtig bekend, gebruik in die sin wat reg, reg hier gebruik is.

§ 176. Twee byw. bep^g word soms lings mekaar gebruik waar een voldoende sou wees. Br. :- "sy het van effen so net van jou toestand gepraat" (19 Sept. '84)¹

Hierdie gebruik is tanslik bekend en kom voor in die onontwikkelde volkskrygewaar die betekenis van een van die bywoorde so vervaag het, dat dit nie meer gevoel word nie.

§ 177. Vir die byw^l van tyd, toe en ag. word soos soms gebruik. Vbb.: "sterk di fiirde ook gewond neerfal net soos hy di beskutting beryk." (Di Oorlog 11 Julie, 1801); "soos julle dit in die hand kry" (Inl. Art. 13 Maart, 1876); "soos die oorlog verby is" (Binne. N. '76).

1) Vgl. in hierdie verband die uitdrukking;

"ek my sigselac."

DIE DUBBELE ONTKENNING.

§178. Hierdie tuisiese Afrikaanse eienaardigheid word baie maal geweld aangedoen deur die Patriot-skrywers, vermoedelik onder die invloed van Nedls.¹⁾ Vbb.: „... dat sy nooit gewaiger het om mense in haar huis binne te laat” (Gasvryheid misbruik 5 Sept., '89); „... dat ek daar ni om gedog het.” (Korr. 3 April, '90); „natuurlik niemand het reg om buite di wet te handel” (Opmerkings en Anmerkings 24 Okt., '84); „Di saak moet mar ni opgege worde” (Inl. Art. 21 Feb., '89).

§179. Hiernaas vind ons voorbeelde waar die dubbele ontkenning tog sulwer gebruik word, en dit reeds in die eerste jaargange. Vbb.: „ Ons het ni die gemaakte uitdrukkings, waar die ander tale vol van is nie” (Inl. Art. 15 Aug., '76); „... en in die woorde nie meer letters as nodig is ni” (Inl. Art. 15 Aug., '76).

§180. Soms vind ons die tweede ontkenning op 'n verkeerde plek in die sin. Vbb.: „ Daar was ni soveel mense ni as ons verwag het; „... dan kan di Ministerie ook ni maak ni wat hulle wil, en sal versigtig moet wese” (Inl. Art. 4 April, '89).

§181. Die eegtiating van die tweede nie is soms te wyte aan 'n te ingewikkelde styl, wat nog dikwels ook die geval is in die hedendaagse gebruik. Vbb.: „Di dus niks as laster wanneer hulle nou seg dat die Hollandse regering met geweld die Franse taal uitge-roef het” (Afr. Gesk. 15 Jan., '76); „ Di tyd is kort, mar daarom ni te kort om alles nog reg te kry” (Sub. Art. 2 April, 1896).

1) Vgl. Sintaksis §§ 327 - 329 Bouman en Pienaar, 202

§182: Die weglating van die tweede nie is soms te wyte aan die feit dat sekere woorde deur die skrywer beklemtoon word, soos dit vandag nog die geval is in Afrikaans. Vbb. „... en di kennismaking gum ons an niemand.“ (Di Infallers 26 Des., 1901).

Hier val di nadruk op niemand en voel ons dat die 2^e nie hier oorbodig sou wees.

§183: 'n Geval word ook tegekom waar dit skyn asof die weglating van die 2^e nie vergoed word deur die toevoeging van 'n ander negasie. Bv.: „Van haar heengaan is nergens gen gewag gemaak“ (Korr. 7 Maart, 189); Hierdie verskynsel tref ons natuurlik vandag ook nog in Afrikaans aan.

HOOFSTUK VI

DIE SUBSTANTIEF.

§ 184. Daar die anv. slegs enige afwykings in die verbuiging aantoon en ons gevolglik nie net 'n wesenlike verskil te doen het nie, sal dit nie nodig wees om oor die indeling daarvan te praat nie.

GESLAG.

§ 185. Wat die aanduiding van die geslag betref volstaan ons set te sê dat daar ook g'n verskil bestaan nie.

GENEEN.

§ 186. Die verneemste vormverskil wat ons egter aantref by die anv. van Di. Patriot is by getal.

§ 187. Behalwe by 'n beperkte aantal gevalle, wat onder naamval sal behandel word, vind ons g'n verbuiging by die anv. nie.

§ 188. Die meervoud word aangedui deur die agtervoeging van -e, -a, -de/ns, en-te.

§ 189. Soos in nedersaagsche Afrikaners vind ons dat woorde waarvan die laaste lettergroep die hoofkleur dra en dus ook eenlettergrepige woorde 'n -e in die mv. neem.

Hiervan ontmoet ons egter 'n aantal woorde waarvan die hoofkleur op die laaste lettergroep val wat op -e uitgaan. Vbb.: koels (Korr. Julie, '83); oels (Korr. 9 Mei, '84); Gouvernants naas Gouvernante (Korr. 31 Okt., '84); saals (Binnel. Naws

25 April '89); predikants (Mixture 23 Mei, '84);
skaapdips.¹⁾

§190. Naas die mv. vorm op -(e)ne soos ons dit nog vandag in Afrikaans aantref, vind ons sulke wissel-vorme soos vrouwe (Inl. Art. 12 Sept., '89); vrou-nense (Di Voortrekkers D.A. Celliers 20 Feb., '90); vroues (Sub. Art. 9 Okt., '90); varkes (Inl. Art. 31 Aug., '93); noois (Di. Praatduiwel 8 Feb., '84); papiersouls (Korr. April, '76).

§191. Snw^e wat op -ing uitgaan in die ekv. ongeag of dit abstrakte Snw^e is wat van wn^e afgelei is,²⁾ gaan gewoonlik op -s uit in die meerv. :- tussenposings (Korr. 8 Feb., '84); betrekkings (vir famielie-betrekkings) (Binnel. Nuws Feb., '89); smekings (Binnel. N. 26 Sept., '89); bydragings (?) (Inl. Art. Sept. '84); verrigtings (Inl. Art. 10 Okt., '89);
Hiernaas tref ons so 'n buitengewone mv. aan soos skimpings (Binnel. Nuws. Feb., '89).

§192. Volgens van Costrum en Kritzinger se grammatika gaan die voltooidde deelwoord wat as snw. gebruik word soos bv. afgevaardigde, in die mv. op -s uit. As uit die sin egter duidelik genoeg blyk dat die mv. bedoel word, kan die -s ook weggelaat word. Hulle haal dan die volgende voorbeeld aan «Die twee beskuldigde word tegelyk voor die hof gebring.»

In die Patriot vind ons egter sekere snw^e, ongeag of dit Verl. Deelw^e is, byna deurgaans son-der uitgang in die meerv. Vbb.: gevangene (S.J. du Toit. Alweer op Reis '84); belanghebbende (Binnel. en Alg. 17 Okt., '84); tweegedagte (Sub. Art. 30 Okt., '90); milplose ('84); ontugtige (S.J. du Toit. Alweer op Reis '84).

1) Vgl. Bouman en Pienaar § 74 1(f)
2) Idem § 76 (a)

§ 193. Kindelik vind ons sulke ongewone meervoudsvorpe
soon oorlogskippe, handelskippe (Sub. Art. 5 Jan.,
'99); patte¹⁾ (N'Gani Meer '94); Engelsmanne
('n Brief uit die Buiteland 17 Okt., '84); koopmans
(Die Redaksie '84).

1) Vgl. Bouman en Pienaar, 874, 5.

DIE NAAMVAL.

§194. Bepaal ons ons aandag by die naamval, dan vind ons ewemin vormverskil by die 1^e en 4^e naamvalle, as wat daar is by die 2^e en 3^e. Die plek wat hulle inneem in die sin en ook die voorwoorde, wat merendeels voor en enkele kere agter hulle geplaas word, is die enigste rigsoer wat ons in staat stel om hulle te onderskei. Reste van ou Nederlandse 2^e en 3^e naamval kom ewentel ook nog sporadies voor, hieroor egter later. ¹⁾ Kyk ... vorentoe.

§195. Oor die onderwerps- en voorwerpsvorme val niks te sê nie, aangesien hulle vandag nog in Afrikaans, nes in die Patriot, aangedui word deur nulle plek in die sin, en die voorwerpsvorm ook soms met behulp van voorsetsele.

§196. In plaas van die eksklitiese woordjie se⁴⁾ wat die besitnaamval aandui, soos ook nog die hedendaagse gebruik is, ontmoet ons ook syn. Vbb.: „Mar verronder hem oer „Meneer“²⁾ syn spitsvinnigheid“ (Binnet. en Algemeen 23 Mei, '84); „Myn ta syn seun“ (Korr. 13 Feb., '90); „Reuter syn korrespondent ons“ (Inl. Art. 23 Mei, 1901).

§197. In plaas van se vind ons selfs ook 'n enkele keer he. bv. „Ons he³⁾ Contry“ (Korr. 23 Mei, '84). Die oorspronklike besitsvorm was heelwaarskynlik onse. Die halfvokaal h is toe waarskynlik ingeskuif omdat die laaste deel van die woord die hoofklem gekry het.

1) Kyk §202

2) Aanhalingstekens van Die Patriot.

3) vgl. hierby die spelling ohe, dahe, ens. 122.

4) vgl. Sintaksis, §§ 149 - 153.

- § 198. Die persoonlike vnv. hulle word ook enklities gebruik as die besitsvorm in die meervoud
Bv.: „die mense hulle ohe“) 'n Gesprek oor di Bybel 13 Junie, 1884). „Mare. Hofmeyr en Schreiner hulle gedrag“ (Inl. Art. 30 Mei, 1901). Sover my altans bekend kom die gebruik van hulle as besitsvorm nie in die Transvaal voor nie. Dit lyk meer 'n gebruik te wees in die Westelike Provinsie wat reeds in die Patriot-periode die geval was.¹⁾
- § 199. 'N enkele geval van die selfstandig gebruikte besitsvorm word ook ontmoet. Bv.: „dat hulle skape groter en mooier is as onse.“ (Alweer op Reis l Sew., '84).
- § 200. 'n Geval word ook ontmoet van 'n ou genitiesvorm waar ons vandag se sou gebruik. Bv.: „ontrent 40 minute rydens.“ (Vir: ontrent 40 minute se ry.¹⁾)
- § 201. Onder Nederlandse of Engelse invloed vind ons ook die 's vir se in die eerste jaargange van die Patriot, „syn vrou's suster“ (28 Maart, '84 Binnel. Nuws); „as hulle God's huis ook nie meer ontsiet nie“ (Korr. '76); „Jesus' woord“ (Korr. Mei, '84).²⁾
- § 202. Oerblyfsels van die ou Nederlandse 2^e naamval vind ons nog soos vandag in Afrikaans in die volgende uitdrukkinge. Vbb.: Om des gewetenswil Inl. Art. 10 Julie, '96); „omdat hy eerspronklik grotendeels in di gewone volkstaal geskrewe is“ (Di Bybel in di Volkstaal) D.F. du Toit 24 Okt., '84)

1) vgl. Sintaksis § 146 Opm. § 149. Opm.

2) vgl. Sintaksis §§ 134, 135.

iets nuttige (Korr. 15 Feb., '76); veels geluk¹⁾
(Binnel. Nuws 17 Jan., 1889) Nix bisonders
(Sub. Art. 24 Aug., '93);

En. Bestaande uitdrukkinge word ook deels-
genitief genoem.

§ 203 Oorblyfsels van die ou Nederlandse 3^e naamval
ontmoet ons ook in di volgende uitdrukkinge¹.
dat di wyndoor egter ni by magte is (Telegr. '84)
onder di verstande dat (Telegramme '84); eers toon
het ons di saak ter sprake gebreng (Inl. Art. 13
Sept., '84); Mar tog ter wille van sommige lesers
(Korr. Maart, '93); .. dat daar 'n verandering
ten goede sal waargeneem word ('84). .

§ 204. Al die voorgaande toon aan dat in baie
gevulle die Snw. in die Afrikaans van 1876 en
daaropvolgende jare/deurgans dieselfde is as wat dit
vandag is; in sommige gevulle nog onder Nól. invl.
gestaan het, maar gandeweg die Afrikaanse vorm
aangeneem het; en dat die meeste versterkte uit-
drukkinge wat vandag in Afrikaans ontmoet word
toe alreeds as sulks gebruik is.

1) Vgl. . Sintaksis 141, 142.

HOOFSTUK VII.

DIE VOORNAAMWOORD.

§205. Die verbuiging en die funksie van die vnw., soos ons dit in Di Patriot aantref, verskil nie veel van die vnw., soos ons dit vandag in Afrikaans aantref nie.

FUNKSIE.

§206. Ek word byna deurgians gebruik gedurende 1876. Vanaf die tyd egter word ek meer en meer die gangbare vorm. Vbb.: „Ek wens jou voorspoet en *geluk* (Korr. 8 Okt., 1876). „Ek luister mar min na myn susters kulle praatjes“ (Di Liegduiwel 6 April, '83).

§207. By die 1^e persoon onderw. en voorw. word soms behalwe die versterkwoordjie self ook selwers¹⁾ gebruik. Die twee woorde hoef nie noodwendig een woord te vorm nie. Vbb.: „Ek kan mos selwers spoe“ (Rimpelis deur Freek Riemsnyer, 3 Aug., '99); „Ons selwers“ (Inl. Art. 15 Jan., 1876); „wat ons selwers skry“ (Inl. Art. 15 Maart, 1876); „Dan zal ons later selyers wel zien“ (Maart, '76).

§208. Wat die voorwerpsvorm betref vind ons althoe die vorme my en myn. Die laaste vorm word egter meer gebruik veral in die eerste jaargange. Vbb.: „Mar glo myn di's moeilik“ (Afr. Gesk. Hoogenhout 15 Jan., '76); „Een heel party het my versoek“ (Red. '76); „Stuur tog vir my van die Spelleboekies“ (Korr. Jan., '76); „Mar as ek hom neem, sal al die mense ver myn noem ens.“ (Di Liegduiwel 6 April, '83); „want dit lyk ver my so buitengewoon ens.“ (Binne. en Algemeen 7 Sept., '83); „... en ek het dit myn tot doel gestel“ (Inl. Art. 14 Sept., '83); „wat ver myn strydig is“ (Korr. Mei, '90).

1) Dis interessant om op te merk dat selwers nog vandag in die spreektaal van sekere dele van die land voorkom.

Na 'n ander voorsetsel: behalwe vir¹⁾ "Ik en meer met myn verbly ons" (Korr. 15 Feb. '76); "Hier kom so'n klein predikantje by myn" (Korr. 15 Maart, 1876) Wat jy my as persent gestuur het (Korr. April, '89); My word egter later meer dikwels aangetref: "So ver as my bekend ('94).

§209 . In die Patriot word gebruik ij vir die 2^e pers. ekv. en julle vir die 2^e pers. meerv. as die gewone aanspreekvorm. U is feitlik 'n uitsondering. Vbb.: "Hiermede wens ek U Edele myn dank toe te bring ver di nuur almanak, wat jy my ... gestuur het" (Korr. 4 April, '81). Een geval word ontmoet waar jy selfs in die meervoud gebruik word. Bv.: "jy kan self begryp wat 'dan blydskap dit ... was" (Korr. 15 Maart, '76).

§210. Naas die versterkwoordjie -self, selwers word selwe ook soms by ij en julle gevoeg. Vbb.: "Mar siet toe ver julle selwe" (Korr. '84).

§211. Die 3^e pers. nl. ekv. hy dui soms 'n geslaglose Snw. aan soos ons dit vandag nog soms in Afr. aantref. Vbb.: "Hy is regte goed voor een Boerbesigheid" (Korr. '76).²⁾

§212 . Soms word hy ook 'n enkele keer gebruik om die meervoud aan te dui. Vb.: "As die skape diarin gedip worde sodra hy van di skere kom ons" (Boerdery '84).

§213 . Vir die voorw.-vorm van hy word hom gebruik vir die Opperwese. Vbb.: "Hom dankende ver di liefde gave ons" (Korr. '84); "... in di naam en mogenheid van/.....

2) Vgl.: Bouman en Pienaar, §82.

2) Vgl.: Sintaksis, §§ 274, 275.

van Hon" (Red. '76).

Dis interessant om op te merk dat die Patriott-
manne reeds toe al nie geskroom het om „Hon" te ge-
bruik vir die Opperwese nie, waar ons Bybelvertalers
nog tot onlangs gebulwer het om dit te doen en „Hon"
gebruik het.

§ 214. Hon word 'n enkele maal aangetref waar ons 'n
besittl. Vnw. gebruik. Vbb: Deur hom en Da. de
Eer hulle skrywe in di Suid Afrikaan (Mixtuur 5
Sept., '84)¹⁾

§ 215. Soms word die aankwende vnw. plus hon onder
Nederlandsse invloed by die besittl. vnw. gebruik. Bv
„Dit sal nodig wees dat hy ook sijn di hon geskonke
gawe besteed" (Root of wit 28 Nov., '84).

§ 216. Die aankwende Vnw. di word soms in plaas van
die pers. vnw. vrl. sy gebruik Bv. „As 'n oester
net so'n lawaai moet maak is 'n hon wanneer di 'n
eier geleg het ons." (Binnel. en Alg. 7 Feb., '89).

Hierdie gebruik is vir my altans nie onbekend
in ons spreektaal nie, dit word selfs ook i.p.v.
die pers. vnw. me, hy gebruik.

§ 217. Naas hulle en hul tref ons ook sulle, sullie,
zullie en zul aan Vbb.: „... en laat sullie dan
maar afgevaardigde kies" (Nuus v.d. Laaste Maand 1876);
„So het sulle met belang ander tale gemaak" (Red. 1879);
„.... want Rusland het tussen in gekom en geze, zul
moet ophou" (Binnel. en Alg. Nov., 1876); „sulle seg
sulle weet niks daarvan nie" (Dull Eyes 28 Nov., 1884).

1) Vgl. Sintaksis, § 213.

§ 218. Die gebruik van sullie, zullie en zul word alleen maar in ouer periode aangetref vermoedelik onder Ndl. invl. en word later maar baie selde aangetref.

§ 219. Self as versterkwoordjie by sekere vnv², soos vandag nog die gebruik is in Afrikaans, word dikwels verwar met selfs Vbb.: „... waarom ni weet hulle glo selfs ni“ Na di land van Skandale 7 Juni, '94) „ondat ider ver hom selfs moet sorge“ (No. '76).

Hierdie verwarwing vind ook nog in die hedendaagse gebruik plaas. Vermoedelik word die -s bygevoeg na analogie van die s by selwers, of as gevolg van die bygedagte aan die byw. selfs.

§ 220. Die preposisie van, plus die versterkwoordjie self, selwers, word ook dikwels ontmoet na die pronomen personale, en ook soms na die Snw. Vbb.: „dat ons voorou'ers van selfs¹⁾ alle liefde verloor het“ (Die Nagenote 15 Jan., 1876); „sodat hulle van selwers liefde ver di volk gekry het“ (Dies).

DIE WEDERKERENDE V NVW

§ 221. Die mees gebruikelike wederkerende vnv² wat ons in Di Patriot aantref is hom, hulle, hul en sig, waarvan die laaste nogal dikwels voorkom, en veral in die redaksiekolomme Vbb.: „dan had hy as man van opvoeding waarvoor hy sig uitgeef“ (Inl. Art. 31 Okt., '84); „Mr. de Wet sal sig nog herinner“ (Korr. 17 April, '90); „'n Jonge man, onghewd, het sig voor enige dage voor di kop geskiet“ (Binnel. en Afg. 6 Junie, '89).

1) Kyk v§219e opm.

§ 222. Sig word selfs ook dikwels in al die jaargange as mv. gebruik. Vbb.: „Di persone wat daar sonder verlof sig het neergeset ene" (Kabelgramme '84)
„Neek nou di eerste besluit wat ons lesers al vroeger voor sig had" (Inl. Art. 10 Jan., '95); „Mense wat sig uitgee gristene te woes" ('84); „di enigste dri Generaals.... laat ook niks meer fan sig hoornt" (Inl. Art. 4 Juli, 1901).

DIE WEDERKERIGE VOORNAAMWOORD

§ 223. By die wederkerige vnv. ontmoet ons 'n enkele keer naas makaar, makander. Vbb.: „dat hulle makaar druk né" (Van alles wat 15 Jan., '76); „om goed te doen dan makander" (Korr. '76).

DIE BESITLIKE VOORNAAMWOORD.

§ 224. Die besitl. vnv. van die 1^e pers. adjektiewies gebruik is myn. Ev. „om voor al myn vrinde te seh" (Korr. 15 Feb., '76); „nou met myn besoek" (D.F. du Toit D.F.Sn. 1 Mei, '90);

Hierdie gebruik vind ons taamlik algemeen in al die jaargange.

Die tweede pers. ekv. en die 3^e pers. ekv. vñ adjektiewies gebruik, is soos ons dit vandag nog gebruik in Afrikaans.

§ 225. Soos ons al verheen daarop gevys het in verband met se by die besitvorm van die snw, is die besitvorm van die 3^e pers. nl. pronomen personale byna deurgaans syn al word dit ook agter die besittende snw. gebruik¹⁾. Vbb.: „Dan kan elkeen ider mal syn gevoele ene" (Korr. Jan, '76); „syn

gaan/....

¹⁾ Kyk Bouman en Pienaar, § 85.

gaan na Engeland ens." (Inl. Art. 9 Mei, 1901);
„Sir Gordon syn politieke skaakspel ens." (Inl.
Art. 4 Julie '89).

As 'n seldsare geval ontmoet ons sy vir die
3^e pers. nl. adjektiewies gebruik Bv. „.. sy
talente ens" (Korr. 23 Feb., '93).

§ 226 . Onder Nederlandse invloed vind ons 'n enkele
keer 'n verdere aanvulling van die besittl. vrw.,
adjektiewies gebruik Bv. : „syn di hom geskonke
gawe" (Root of Wit 28 Nov., '84).

§ 227 . Hoewel se ook voorkom en by nl. vrl., ekv.
en mv. gebruik word, vind ons ook haar en hulle
in plaas daarvan ¹⁾ Vbb. : „.. di ander hulle
party" (Korr. 2 Mei, '83) „ di vrou haar lewe" (Inl.
Art. '84).

§ 228 . Adjektiewies word onse taamlik algemeen ge-
bruik Vbb. : „ Onse kolonne staat ope ens." (Red.
18 Mei, '83); „... laat ons opstaan uit onse lui-
heid" (Korr. '84); „ Hy verstaat van ver onse
gedagte" (Korr. Okt., '76).

Die laaste gebruik van ons vind ons vandag
nog in vaste uitdrukkinge. ²⁾

§ 229 . Onse en Ons word ook soms in dieselfde sin
aangetrof Vbb. : „ Onse Hollandse kerk wat met
ons geld geboud is" (Korr. '84) ³⁾

1) Kyk Sintaksis, 349 - 151

2) Vgl. Bouman en Pienaar, 85

3) Kyk Sintaksis, 29.

§230 . Onder Bybelse invloed word die ou 2^e naamval (nou besitsvorm) van die pronomens personale ook 1^e pers. mv. ook nog enkele kere in Di Patriot ontmoet. Vb.: „In die jaar onse Heere“ (Red. 16 Aug., 1876). Hierdie uitdrukking word selfs vandag nie meer in versterkte uitdrukkinge ontmoet nie.

§231 . Adjektiewies word hulle ook 'n enkele keer gebruik vir die ekv. Vb.: „.. en gister het hulle di Regering hulle belastingsbil uitgegooi ens.“ (Sub. Art. 7 Sept., '99).

Hier egter vervul hulle die funksie van die besitsvorm v.d. Bnw.

§232 . Van die substantiewiese gebruik van die besitt. vnv. is daar maar 'n paar voorbeelde te kry in Di Patriot. nl. jou syne (Root of Wit 28 Nov., '84) vir die 2^e pers. ekv. en onse vir die 1^e pers. mv.

DIE AANWYSENDE VOORNAAMWOORD.

§233 . Die aanwysende vnv. wat in Di Patriot voorkom is dieselfde as wat ons vandag nog aantref in Afrikaans behalwe dese, di ander, dat, der.

§234 . Van di bestaande vnv^e word die volgende substantiewies gebruik: dat, di ander. Vbb.: „Nou viereers is dat nog 'n grote vraag“ (Inl. Art. 7 Nov., '89); „Mar dat is kinder praatjies“ (Korr. 4 April, '89). „ Ons wil die ander hulle party opvat“ (Korr. 2 Mei '83).

In plaas van dit vind ons soms het onder Nederlandse invloed. Bv.: „As jy het oek in een ander krant sit“ (Korr. 15 Maart, '76); „ Het sou nie so wees want het is mos nie ons manier“ (Korr. 15 Maart, '76).

Hierdie/.....

Hierdie gebruik tref ons net in die ouer periode van Di Patriot aan.

§ 235 Behalwe die aanwysende vnv^e wat nog vandag in Afrikaans adjektiewies gebruik word ontmoet ons die volgende aanwysende vnv^e. - dese, (deus), welke, die selwe. Vbb.: „In die begin van dese eeuw“ (Korr. '76); „van deus week“ (Red. 15 Jan., '76); „deus keer“ (Red. 15 Jan., '76); „... gedurende welke tyd“ ('84); „in die selwe jaar“ (Okt., '76).

DIE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.

§ 236 Die mees gewone betreklike vnv. wat ons ontmoet is wat. In baie gevalle ontmoet ons wat plus voorzetsel, waar ons vandag in die skryftaal die vnv. byw. sou gebruik. Darente^l tref ons die vnv. byw. aan in die funksie van 'n betrekl. vnv. Soms slaan wat op die hele inhoud van die voorafgaande sin. Vbb.: „daar is een spreekwoord wat seg dat ons.“ (Korr. 15 July, 1876); „Dit is wat di hulplose ver hulle an moet onderwerp“ (Alweer op Reis '84); „... 'n Saak wat bring onsigtigheid by nodig is... ons.“ (Korr. 20 Julie, '90); „... dan had hy as man van opvoeding waarvoor hy sig uitgeef, ons.“ (Inl. Art. 31 Okt., '84); „... dan of di Engelse wat ni onwaarskynlik is ni, hulle terugtog sal afeny“ (Inl. Art. 26 April, 1900).

Die dele van die vnv. byw. word soms geskei aangestref. Bv.: „... om 'n besluit te help uitvoer waar ons di noodsaaklikheid ni van siet ons.“ (Inl. Art. 23 Maart, '83).

§ 237 Die ou betrekkingsgenitief wiins word ook te^lgekom in plaas van wie se. Bv.: „... McLachlan
wiins/.....

wins vrou di nuwe na Klerksdorp gebring het
(Di Oorlog 21 Maart, 1901)... wins hand ons lewe
is" (Korr. 11 Mei, 1893).

Soms vind ons ook in plaas van wie se wat syn. Vb.:
" Mar ons reken ook dat ider Afrikander wat syn hart
op die regte plek sit ons." (Korr. Nov., '76).¹⁾

§ 238. Wat + voorsetsel word aangestref waar ons nou
in die algemeen beskryfde Afrikaans die voorsetsel + wie
en wie + voorsetsel respektiewelik sou gebruik. Vbb.
" Die man wat die President zyn hoop of had" (Binnel.
Nuwe 1876); " wel dit lyk of di een wat hy dit van
gehoor het ons." (Korr. 2 Feb., 1893); " Die nie be-
skaamd maak wat op Hom hoop nie" (Red. 1876); ...
Gevalle van bestaande gebruik kom vandag nog voor
in Afrikaans, hoewel dit onder die invloed van
skool en pers aan die Kryn is.

§ 239. Behalwe die bogenoemde betrekl. vnv² ontmoet
ons ook die as 'n betrekl. vnv., vermoedelik onder
Nederlandsse invloed. "... die Heere die ons tot so
ver gesegend het" (Red. '76); "... Bondsiede di ver-
deel ware" (Korr. '84). Hierdie gebruik, hoewel
tamlik veelvuldig in die ouer periode onder Ndl.
invloed, word selde of ooit in die latere periode
ontmoet.

§ 240. Enkele gevalle word ook ontmoet waar die ante-
sedent en die betrekl. vnv. saamskelt d.w.s. waar
die betrekl. vnv. die funksie van ^{beide} die aanwysende en
die betrekl. vnv. verrig. Vb. "... ver wat wil
adverteer sal dit seker 'n grote aanmoediging wees
ons." (Ial. Art. 30 Maart, '83); " Wat dit betaal het
ontfang/.....

¹⁾ Vgl: Sintaksis, §151

ontfang nogmaals ons druk daarvoor" (Red. 12 Des., 1901).

DIE ONBEPAALENDE VOORNAAMWOORD.

§ 241. Benewens die onbep. vnv² wat ons nog vandag in Afrikaans aantref, ontmoet ons nog die volgende in „Di Patriot”. 1- 'n party, mens, 'n ider, man, een, elk 'n, 'n hele party. Vbb.: „tot die laagste Engelsman toe skyn 'n ider hom beywer te hê ens. (Inl. Art. 2 Mei, '89); „ Ons is wel wat laat" (Inl. Art. 15 Junie, '89); „ Daar is selfs wat hagel en sneeu op di berge" (Inl. Art. 15 Mei, 1901). Die gebruik van het in hierdie sinntref ons nie meer aan in die Afrikaans van vandag nie. Dit word trouens ook nie baie maal in Di Patriot ontmoet nie. Met ontulde geelive men duidelik op te ge of men dit in Afrikaansheer is... wil hê" (Red. 2 Mei, 1901). Men word hier net deur die Redaksie gebruik onder Ndie invloed. „ het so goed as elk 'n ¹⁾ man ... sy eie karakter het ens." (Inl. art 15 Aug, 1876) e. a. n.

Die onbep vnv. 'n party word baie gebruik. Die verkleinwoord daarvan word selfs ook gebruik. Vbb.: „ di geskre van 'n party mense" (Inl. art. 17 Okt., '33); „ na lang gesoek te he, siet 'n partytji van hulle vir hom" (Binnel. en Alg. 5 Juny, '90).

§ 242. al in die betekenis van elke word gebruik by die anv. in die meerv. Vb. # „Vollende jaar kon die Patriot al weke uit" (Red. 15 Aug., 1876). Hiernaas vind ons al in die betekenis van elke ook

¹⁾ Vgl. Sintaksis, § 59.

gebruik by die ekv. Vb. G „Ons kyk maar net al
na die weer“ (Korr. & Kaart, '93).

Al in die uitdrukking al di nense, wat die-sel
betekenis het as die onbeu. vnv. alnal, vorm hier
'n deel van 'n kompositum.

HOOFSTUK VIII.

DIE ADJEKTIEF.

VERBUIGING.

- § 243. Wat die verbuiging van die adjektief betref, merk ons dat daar nes by die ander woordsorte 'n hopelose verwarring heers onder die verskillende medewerkers en redaksieledes van Di Patriot.¹⁾
- § 244. Adjektiewe op er en el word ontmoet met en sonder 'n buigings -e. Vbb.: „'n Sobere nasi" (Inl. Art. 19 Juni, '99); „Ieder redelik mens" (Inl. Art. 19 Juni, 1899); „virai in di lagere skole" (sub. Art. 14 Aug., '99); „iedere perbeeralag" (Afr. Gesk. 15 Jan., 1876); „om so'n luttel bog ding" (Korr. Few., '84); „'n miserabele affere" (Inl. Art. 26 Sept., '84); „... en di behoefte aan nog nouwer vereniging" (Korr. 28 Few., '89). Eenkeer word selfs die buigingsuitgang -de ontmoet Bv.: „een enkelde gemeente" ('n Gesprek oer di Bybel in Afrikaans Maart, '84).
- § 245. Waar die adjektiewe in die voorgaande en in die volgende paragrawe 'n buigings -e neem, kan ons dit nie altyd definitief b skou as buitengewoon nie, omdat ons dit ook nog vandag in Afrikaans aantref, dat sommige adj^s 'n buigings -e neem as dit met nadruk gesê is, of omdat dit figuurlik gebruik word, of omdat dit in staande uitdrukkinge voorkom.²⁾ Dat die invloed van Nederlands hier in die eerste jaargange/.....

1) Vgl. Sintaksis, § 76.

2) Vgl. Human en Pienaar, § 95,7 opm. 2; Sintaksis, §§ 71 - 73.

jaargange van Di Patriot daar eger baie mee te doen het, nl. dat so baie adj⁶ - die buigings -e neem val nie te betwyfel nie, want in die latere jaargange kom dit baie minder voor.

§ 245 Eenlettergreepige woorde op ra neem die buigings-
-e. Vgl.: di arme kleine jonke" (Inl. Art. 6 Feb., '99)
"Ons is rerig 'n brand arme koloni" (Mixture 26
Sept., '84).

§ 247. Eenlettergreepige woorde op ng word attributief
aangetref met 'n buigings -e in al die jaargange
deur al die medewerkers. Vgl.: „gedurende di lange
tyd." (Korr. 26 Feb., '89); „jonge Afrikaners" (Red.
15 Jan., '76); Predikatief gebruik, word lang
soms lank, soos nou nog in Afrikaans, en ook as dit
agter 'n Sw. geplaas is, soms bly dit so. Vgl.:
„Dis al lang dat Amerika begerige oge geslaan het,
ens." (Sub. art. 15 Jan., '99); „Dit neem lank tyd"
(Red. '76); „... vier maande lank in 'n jaar is di
koors daar kwaal" (Inl. Art. 20 Julie, '93).

§ 248. Eenlettergreepige woorde op 'n klinker of twee-
klank word aangetref met en sonder 'n buigingsuit-
gang. Vgl.: „di oue klag van droogte" (Binnel. Nuws
24 Okt., 1889); „Ons het nou net mooi reens gehad
ens." (Korr., Feb., '84); „di roje koningin" (Buitel.
Nuws 15 Feb., '84); „ander vrye burgers" (Afr. Gesk.
15 Jan., 1876); „'n arme ou vrou" (Alweer op Reis '84);
„rooi wyn" (Beerdery 15 Jan., 1876); „'n nuwe poort"
P.G.J. Coetsier 11 April, '89).

§ 259. Eenlettergreepige adjektiewe op 'n ander mede-
klinker as d, f, g en s word aangetref met en sonder
die/.....

die buigings -e. Vbb.: „Di groote ongeluk van die Iere" (Inl. Art. 31 Jan., '89); „di vale klomp" (Kapook Hoop S.A.R. Korr. April, 1889); „... ni alles ... is soete roek op te eet ni" (Inl. Art. 6 Juni, '89); „... 'n doornagtig altyd groen bos of kleine boom" (Boendery Aug., '84); „... 'n oos dikke laspos" (Suttaal. Nuws 15 Fev., '89).

§ 260. (1) Menlettergrepige adjektiewe op g neem byna deurgans die buigings -e. Vbb.: „... en in hulle plaas varse oois koop" (Korr. 4 April, 1889); „met dwarse ingrawings" (Loko. 30 Jan., 1890); „varse perde" (Inl. Art. 18 Okt., 1900).

(11) Adj^g op -g afgelei van substantiewe word ontmoet met en soms sonder die buigings -e. Vbb.: „... met elektris lig verlig" (Na di land van Skandale 7 Juni, 1899); „'n waterpasse vlakte" (Di N' Gani en ander N. streke 26 Julie, 1894); „veragte Hottontots kourant" (N.F. du Toit D.F. Sn. Mei, 1890); „di enige sineze Staatsman" (Inl. Art. 14 Maart, 1901); „di Hollens taal" „di Engelse taal" (Inl. Art. 15 Jan., 1876).

§ 261. By twee of meer lettergrepige adj^g, behalwe die adj^g op -er, el en en, reeds behandel in ^{SS 243, 244} ~~243~~ hoers daar so'n hopelose verwarring by die verskillende skrywers dat ons g'n reël kan opstel nie. Verboë-nas onverboë vorme word aangetref. Vbb.: „... 'n makkelike tyd" (Inl. Art. '89); „eenige hoop" (Dies); „'n pilzierige plek" (Einnel. en Algemeen.

7 Feb., '89); „in dag van werelds vermaak" (Inl. Art. 14 Feb., 1889); „in werksam aandeel" (Korr. 23 Feb., '89); „jou nuttig blad" (Korr. 23 Mei, '89); „di billik versoek" (Inl. Art. 1 Nov., '94); „Algemeen vertrouwe"¹⁾ „di algemeene krediet" (Inl. Art. 30 Okt., 1890); „ons natuurlik verstand" (Wens v.d. Genootskap 15 Jan., 1876).

1) Vgl. Sintaksis 72

TRAPPE VAN VERGELYKING.

§ 262. Die vorming van die trappe van vergelyking van die adjektief in Di Patriot wyk ni af van die vorming daarvan in die Afrikaans van vandag nie, behalwe in spelling. ~~Vbb.~~ Naas die superlatief laaste vind ons ook leste Vbb.: „di leste woords van Sanni“ (Binnel. en Algemeen 25 Julie, 1884); „kom daar geen verandering ni dan is di leste een verlore“ (Inl. Art. 28 Nov., 1884).

Die superlatief goeiste word ook aangetref in die uitroep: Nee goeiste, „hy is baing verdrietig“ (Binnel. Nuws 23 Mei, 1889).

§ 263. Naas die absolute superlatief enigste word enige ook as superlatief aangetref en dit negal taalik veelvuldig in al die jaargange. Bv. „di enige Koloniale mark is Kimberley“ (Korr. Maart, '89); „Bovestaande is di enige twe briewe wat nou an ons gestuur is“ (Sub. Art. 18 April, 1901).

Die gebruik van meer en mees.

§ 264. Meer en mees word so willekeurig gebruik deur Di Patriot skrywers dat 'n mens glad nie kan vasstel wanneer dit nie, en wanneer dit wel moet gebruik word nie. Vbb. „Net waar hulle di meeste ongehoofend ... en di mees verarmd en meer elendig is“ (Alweer op Reis '84); „Hy sal hom daardeur seker ni meer populair maak ni“ (Korr. Nov., '84).

§ 265. Din, en so... as, word in die vergelyking met die komparatief onder Nederlandse invloed naas as, wat ons vandag in Afrikaans gebruik, aangetref. Vbb:

„Dit is ni meer dan pligtelik ni.“ (Inl. Art. 7
Fev., '89); „Ons Hollanse woerde is nie meer so as
di die Hollanse woerde in Holland nie“ (Red. 15
Fev., 1876); Hierdie gebruik word nog selfs in
die laaste jaergange van Di Patriot aangetref,
vendaar dan ook dat ons in die vroeëre periode van
die Tweede Beweging ook nog baie die gebruik aantref.

HOOFSTUK IX.

DIE TAAL EN STYL VAN DI PATRIOT.

§ 266. Daar die poësie van Di Patriot reeds taamlik grondig behandel is in die verskillende proefskrifte,¹⁾ gaan ons ons hier net bepaal by die prosa daarvan.

§ 267a. Soos Dr. Schonees m.i. tereg opmerk groei 'n taal saam met die volk. Staam 'n volk dus nog op 'n lae geestelike peil, dan vind ons dat die Taal van die volk ook nog nie 'n veredeling deurgemaak het nie, en nie kan uitdruk wat die taal van 'n hoog beskaafde volk kan doen nie. Die taal bly arm van inhoud; dit bly nog 'n gebrekkige kultuurmedium.

§ 268. Dit was die geval met die Afrikaans van Di Patriot. Die Afrikaanse volk moes nog deur "diepe waters" gelei word, moes nog gelouter word. Daar moes 'n verdieping, 'n verinnerliking van die geestelike lewe van die volk plaasvind, wat ook gebeur het as gevolg van die worstelstryd, waarin 'n hele volk byna ten onder gegaan het.

§ 269. Na die styl, wat kuns kenmerk, soek ons dus nog tevergeefs in Di Patriot. Oor die algemeen is die prosa so doorgewoon alledaags dat dit feitlik kleurloos, en gevolglik stylloos is. Dit is nog nie 'n kultuurtaal nie, alleen maar 'n uitstekende omgangstaal.²⁾

§ 27a. Uit die ongeskoolde volksiel vind ons egter die ongesmukke opregtheid. Reeds in die vroegste bydrae in Di Patriot tref ons aan, die reeds

1) Vgl.: Dr. L. v. Niekerk: De Eerste Afr. Taalbew. en zyn Latk. Voortbrengselen.
Dr. L. C. Pienaar: Taal en Poësie v.d. Tweede Afr. Taalbew.

2) Vgl.: Bylaag E.

spreekwoordelik geworde geestigheid van die Afrikaner. Van humor is hier natuurlik nog byna g'n sprake nie,¹⁾ daarvoor moes die oorlog eers kom, „per aspera ad astra.“ Dis eers wanneer jy die diepste smarte geken het dat jy medelye kan he met die nietigheid van alle menslike strewa²⁾

§ 271.

Soos uit meer as een bydraag blyk was daar toe al die voorliefde vir skerts, deur die luimige verandering van eiename — volksetimologie :-
Tant Sanna se Koot (?); Hottoon (Hutton); Bool „di Windswawel“ (?); Ou Hopli (Hookley); Treur Aap (Trower) ens. (D.v.d. Heever '89).

§ 272.

In baie gevalle word die sinne so onbeholpe uitgedruk, dat dit meer na die gestamel van 'n Standard-drie leerling lyk, as na die prosa van ervare joernaliste. Vbb.: „Die Vrystaatse Volksraad het nou toegestaan om di trein te maak“ (Inl. Art. 24 Jan., '89); „Mar baing lede meen dat hulle goeie rede het, waarom hulle ni nodig het te onderwerp an di besluit van di sirkel vergadering“ (Dies); „Net jammer di skape en bokke wil ni rys ni“ (Binnek. Nuws 4 April, '89).

§ 273

Baie gevalle van duisterheid word ook ontmoet. Vbb.: „By versigtig ondersoek blyk dit dat 50 Fingoes met hulle vrouws en kinders sig daar bevind“ (Maart, '89); „Neu 'n plaas versekerd en di andele sover opgenome is, kan di Maatskappy geregistreerd en andeelbriwe uitgege worde“ (Dies);

1) Vgl. § 271.

2) Vgl. Malherbe: Humor, bls. 39.

Nou vraag ek die skrywer van gemelde stuk wi di luiſte is, di kukuboere of di Hoogzitte op di hoogſte rante van di kuku Engelse? (Korr. '89).

§ 274. Die ſtyl, waar ons daarvan kan praat, is in die meeste gevalle ook nie vry te pleit van onſuiwerheid nie. Dit wemel eenvoudig van anglisismes, om maar van die grootste vyand van die Afrikaanse idioom te praat. Vbb.: „Of in ander woorde“ (15 Jan., 1876); „Hoe vaar een en hoe is tante“ (Korr. 15 Juny., '76); „een ballade in twee parte“ (Red. 15 Mei., '76); „Van begin tot end bevestig Mr. Michau myn skrywe in jou blad“ (Korr. 10 Jan., '89); „Ons hoop so“ (Inl. Art. 24 Jan., '89); „So gaat dit dag by dag“ (Korr. 2 Mei., '89); „Ek sal mar kort wees ens.“ (Binne. Nuws 6 Sept., '94); „Ek weet by ondervinding“ (Korr. 20 Mei., '97); „Di Boere frinde wou weer perbeer om 'n paar vergaderinge op te kry“ (Inl. Art. 4 Julie, 1901); „Di mense het my vertel dat Maart, al lang tyd verby is“ ('n Gesprek o'er di Bybel in Afr. '84).

Voorbeelde van bostaande aard sou ons nog met talle kon vermeerder. Ons volstaan egter met hierdie voorbeelde.

§ 275. Naas hierdie onſuiwerheid van ſtyl is die ſtyl, wat ons ook soms in die Inl. Arts. ontmoet, nie vry te pleit van omslagtigheid en stroefheid nie. Let op: Die één sin:
„Mar hoewel Downingstraat laſtig genoeg is om mee klaar te kom, is dit niks te vergelyk by di moeilikheid waarmee di arme Suid Afrikaners altyd te

worstel/...

worstel het om tog iets na di sin van di dames en menere te doen, wat di onverantwoordelik bestuur o'er ons stukkie werelddeel het, wat, hoewel hulle baing onder makkaar verskil, in een punt tog o'ereenkom, dat di mense hier, boere viral, maar Engelse ni uitgesluit ni, niks anders is as 'n klomp slawejagters en kaffer verdrukkers, en dat hoe minder ons te sê het, hoe beter (Inl. Art. 1890).

§ 276.

Voorbeelde van raak skilderende beelde word egter in die volgende sinne aangetref: „ Waar is oom Lokomotief? Is hy nou besig om paddas te vang in die "slyk", dat 'n mens niks meer van hom hoor nie? " (Korr. 16 Mei, '89); „ Di passasiers.... werd so windwakker as 'n vlak " (Dies); „ ... as di ou klomp dan spat en die ou swart stokdra'er moet di tou vat, trap hulle hom somar plat, want hy loop nou al net soos 'n kat wat okkerneute an syn voete het, so katoks, katoks. " (In di Parlement, Groot Joggom 12 Juni, 1890). Sommige van die beelde is soms egter taamlik ver gesog.¹⁾

§ 277

Maas hierdie gevalle van swak styl, tref ons tog voorbeelde aan van mooi betogende prosa, waarin die skrywer op 'n kalm, oortuigende en waardige wyse, en in eenvoudige taal sy standpunt uiteensit²⁾. In «Bylaag F⁽²⁾ vind ons, hoewel ook in die «sappige volkstaal» geskrewe prosa, 'n gees wat bereid is vir die stryd. In Bylaag F⁽³⁾ maak die skrywer gebruik van ironie wat m.i. nogal 'n tikkie van humor bevat. Luister b.v. na die volgende

sinnetjies/....

1) Kyk: Bylaag D⁽²⁾.

2) Kyk: Bylaag F⁽¹⁾

sinnetjies: „As die Afrikaners nou net mar wil
luister na di goeie en welmenende raad van di
Jingoes.

As hulle net di redakteurs van di Zuid-Afrikaan
en Patriot, met nog 'n paar hoofdaanvoerdere, soos
Mr. J.H. Hofmeyr Jr., L.W.V. wil ophang, ens." 1)
Eindelik kan ons nog verwys na
Bylaag F 4), waar ons 'n prosa aantref wat op
'n effens hoër plein staan as die vorige stukkie, in
'n filosofies betogende trant geskryf. 2)

§ 270.

Ons besluit deur saam te stem met Dr. P.C.
Schoonees, dat die Patriot-manne, in hulle doel
om te skryf soos hulle praat, en deur hulle strewes
om die volk te leer lees, hulle die opgevoede
Afrikaner van hulle verwyder het. Daar was g'n
kunstenaar onder hulle nie, was die tyd trouens
ook nog nie ryp vir so 'n kunstenaar nie. Die
gevolg was dat die beste prosa wat ons in die
Patriot aantref geskryf is deur lede van die
redaksie, wat sotese die enigste opgevoede mense
was in die beweging.

BYLAAG A.

REËLS EN BEPALINGS VAN DIE GENOOTSAP VAN
REÛ APRIKAANERE.

APARTE BEPALINGS

2. VAN ONS WERK.

IX. Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gee wat die naam sal dra van „Die Afrika Patriot“ in die vorm van 'n boekie van sestien (16) bladsy'e.

(Die Afrikaanse Patriot Dinsdag 15 Februarj, 1876).

EXLAAG B.

Ons Patriot gaat moedig voorwaarts. Hy is vooruitgegaan in alle opsigte. In vorm: Die eerste jaar was hy 'n maandblad. Die tweede jaar 'n kleine weekblad. Die derde jaar vergroot, met ons Wapen voorop.

See is hy van kind tot 'n jongeling opgegroeï gesond en fris, sonder lewertraan te gebruik. En alweer is syn pakki klere te klein. Van alle dele van die land kom die dringende bede. „Maak die Patriot tog groter, ons sal liwers meer betaal. om an die behoefte te voldoen is onse Drukkers te klein. Mar as onse geldelike sake dit toelaat hoop ons vollende jaar die Patriot te lat uitkom in 'n vorm waarin hy ver syn ouere tydsgenote nie hoef agter te staan nie“

(Uit die Bestuursverslag van die 3^{de} jaarlikse vergadering op 24 August, 1878).

BYLAAG C.

De Editeur "Patriot" Paarl.

Myn Heer! Hiermede wensch ik u openlyk kennis te
gefen dat ik niet langer de Patriot wensch te
ontvangen. ik heb bedank als agent en daar door
te kennen gegeven dat ik niets meer, met den heden
daagsche Patriot te doen wil hebben, ik houdt meer
van een openbare vyand, dan van een valsche vriend!
Laat my toe de Patriot van oude vooral en de dagen
van oom Lokomotief te danken voor de ontwikkeling
van ons volk en de nut gedaan aan ons land op elk
gebied maar nu is my te progressief geworden,
De opschrift "Eert u vader en u moeder opdat u
dagen verlingd worden in het land dat u de Heer u
God geef" Hindert my! Men lese slags wat gezegt
worden van de Elektie saken, ens.

.....

De uwe

N.J. de Wet.

Mooifontein,

9 February, 1899.

N.B. Gelief ook myn naam als agent niet meer te noemen.

Ons Land gelief over te nemen.

N.J. D. W.

BYLAAG D.

(1)

Mar, jong, die trein! Toen ek die ding siet ankom, seg ek vir myn keassier: "Hou stil, lat ons lag!" Mar toen hy naderkom wort ek bang. Alle wereld ne, die ding lyk daarom al te duivelagtig. Hy sal ons land in die grond boor. En tog moes ek op hom klim om Kaap toe te ry. Mar had ik dit geweet! Hulle het myn vertel dat hy kamma so vinnig loop. Mar dis net bog. Had ek met myn wa gery dan was ek nog eerder in die Kaap

En dan die nekerke^{re}woorde! Myn mag, hoor nou maar net hoe die kerels hiet wat ons gekies het! — A Murray Moderator; Dr Faure Assesor; Da Hofmeyer van Bomerwet Oost, Scriba; Da Luckhoff Actuaris en Archivaris. Hou watter name is dit nou die? 'n kat vrek daarvan.

.....

(Uit 'n brief van 'n ouderling van Synode
in Kaapstad aan Neef Koes! /876)

(11)

As syn longvlies nou wil goed doen, dan is di hele
"wêreld reg."

.....

Di Pop kan 'n mens sien is mar 'n pilledraaier,
"hy is net goed lat di kinders hom met toegebinde
bek ry agter di ou oele."

.....

Di Engelsman van Barkly kan 'n mens sien hy lyk
"mar nes 'n Baffer knapsak, wat hulle tabemêk in
maak."

.....

di hottentot-agter-di-bultji vastrapper (?), is
oek hier nog net so rooi as 'n vonk.....

"Dan is daar nog Stein (Steyn) nes 'n geduikte
porselynbreker (porselynbeker?); Zouwer (Sauer) 'n
regte okkerneutkop, Van de Vyger (van der Vyver) nes
'n Turkevyg, wat ni ryp en oek ni groen is ni, Newer
(Weber), 'n regte sloopstokverkoper met sy mol-egies.
Garnaat, (Barnato) van di Diamantvelde, kan ek ni na
waarde beskrywe ni. As hy inkom, dan sal 'n mens se:
dis verlede Bonapart, mar kyk jy deur jou vingers,
dan lyk hy weer nes 'n Jood."

.....

"De Waal met syn kop wat lyk nes di erde komfyt pot
van tant Anni."

.....

"Mar di advokaat van di "Viels" wat di Engels gorgel
soos 'n witbors kraai wat 'n been in di keel vas sit,
het vir hulle lekker getroef."

.....

"Langgeskiedenis syn be oogweere hang al op di middel
van syn oo'e."

.....

Di/.....

"Di oom uit Worcester het di lokasi van Worcester hoger
geprys as Tafelberg. 'n Mens kan hom ni verstaan ni,
want hy praat nes 'n kleintji wat oer sijn delosse huil.

Die meelton wou teen hulle skem vlug, maar di uil
van di huil het hom dadelik an di arm."

(O'er die Parlement, Juni-Juli, '89).

BYLAAG E.

.....

„Afrikaanse Patriot“

Ja dit is die naam van ^{ons} blad! Ken beter naam kan ons nooit kry nie want een „Patriot“ ~~is een „Patriot“~~ is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak :- klein, maar fluks“.

.....

„ne, jonge Afrikaners! goi nou weg die vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger! En goi elke vyand, al is hy so groot as Goliath, teun die grond.

.....

Nou skryf ons nes ons praat en eeg net wat ons wil. Kom nou voor 'n dag, verborge p^{er}els en diamante! Waarom langer onder die vreemde stof begrawe en net vreemde voete vertrap? ~~Stel ons op een net vreemde~~

(Inl. Art. 15 Jan., 1876).

En die eerste is nog, hulle ontnem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is mar één noedertaal, die taal van ons hart. Die taal waarin ons an ons moeders bors pa en ma leer se het, — die taal waarin ons die eerste indrukke ontvang het, — die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het ons die dierbare naam van onse Heere Jesus uit te spreek, — die taal waarin ons ou'ers altyd hulle God gedien het, — die taal waarin ons brave vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder stervend haar laaste aasem uitgeblas het in een gebed ver ons; — die taal blyf onsheilig — die taal kan ons ver geen ander taal op die wereld verruil nie.”

(Wens v.d. Genootskap van Opregte Afr. 15 Jan., '76).

BYLAAG F.

1.

Dis di eerste algemene verkiesing van Parlementslede ma di vorming van 'n algemene en kragtige Organisasie in Suid Afrika. Disson word reeds veel verwag. Lat ons di verwagting dan ni teleurstel ni, mar toon dat ons ook weet om di aangeeslote kragte te gebruik, tot welsyn van ons dierbaar land en volk.

Dan, dis 'n uiters kritieke tyd ver Suid Afrika in algemeen, ver ons Koloni in besonder. Van di uitslag van di verkiesings hang veel af.

Dis ver vyf jaar.

In di vyf jaar kan veel gebeur.

Daarop of daaronder.

W sal ons as verteenwoordigers kies? Is 'n lewenskwestie, waarop geen eie -, persoonlik, of bloot plaaslik belang groot invloed mag uitoefen ni. Dis 'n lewensvraag wat ook ni met onverskilligheid mag behandel en beantwoord werde ni.

Dis onverklaarbaar dat dieselfde kiesers in 'n kiesafdeling 'n paar kandidate van hemelsbreed uiteenlopende en verskillende - soms lynreg strydige - staatkundige opinies kan afvaardig as hulle verteenwoordigers. En tog is dit in ons land ni 'n geheel vreemde verskynsel ni
Ons eerste eis ver ons Afrikaner party by di stemme is:- Na di Parlement, mar ni in di Ministeri ni, ⁱⁿ ^{die} di vollende rede

(i) Ver di eerste is ons party ryg, ver di tweede ni.

Ons het minne genoeg om na di Parlement te stuur en ons daar goed te verteenwoordig, - veral nou ons taal erkend is. Mar ons Afrikaner party het ni bekwame manne genoeg om 'n eie Ministeri te vorm ni.

As/.....

(i) Kursief gedruk.

As Meneer Hofmeyr byvoorbeeld sou gevraag worde om 'n Ministeri te vorm, dan sou hy genoodsaak wees om vreedsoortige elemente daarin op te neem; manne wat ni volkome met ons eens is ni sou daarin moet sit. So 'n gemengde Ministeri is swak, en werk ongelukkig, soos ons nou in di Scanlen Ministeri siet. En as ons Nasionale party optre, dan moet dit beslis en kragtig wees, anders is dit ver ons beter om liwers nog te wag (Inl. Art. 12 Oktober, '83).

11.

Dis onnedig om hierop eenige aanmerking te maak. 'n Mens ken 'n dier an syn stem. Di gees waarin die bostaande woorde gesproke is, is al te duidelik om misverstaan te word. Di tyd kom al nader en nader, waarop Afrikaners 'n antwoord sal moet ge op di vraag Sal Engelse sode di Engelse taal en Engelse gewoontes in Suid Afrika heers; sal Afrikaners verengels word; of sal ons Afrikaners wees en bly, met 'n eie taal, 'n eie ontwikkelde ingebore, ingeworteld, ingegroeide nasionalitelte gevoel, ons eie gewoontes en sode in ons eie land onder ons eie vlag. Niemand kan twyfel wat di antwoord sal wees ni. Mar ons moet sorre dat dit op so 'n manier en in so 'n stem gege word, dat dit ni kan misverstaan word ni en wat duidelik sal bewys dat ons in eens is.

Anhou wen.

Edinburgh 8 October, 1884.

3/.....

III.

Rassehaat is 'n baie lelike woord, omdat di saak wat daarmee uitgedruk word, so miserabel lelik is en in di samelewing so intens ongelukkig werk.

Dis dan ook geen wonder dat ons jingo vriende daar so 'n vreselike hekel an het ni.

Hulle kan ni een verdra dat van Afrikaner en Engelsman as van verskillende nasionaliteite gesproke word ni. Algar is koloniste.

Dat di koloni vooruit gaat, is in di gemeenskappelijke belang van algar.

Daartoe moet hande ineengeslaan worde. Alle mindere geskille behoort te wyk en op sy geset te worde ter wille van di groot en algemeen belang. Dit verstaat idereen, wat ook mar 'n greintjie gezond verstand het. Dit verstaat veral ons jingo vriende bisonder goed. Dit is wat hulle beoog. Hoer na hulle woorde, kyk na hulle dade en wees oertuig.

.....

Jingo-korante wetywer met makkaar om di liefelykste woorde en uitdrukkings te besig tot versoening van di „Dutch Boers“.

.....

Mar di arme ongelukkige Afrikaner is te dom om dit te verstaan.

Uit domheid is hulle dan te ligsinnig en te waanwys om hulle te lat leer.

.....

Arme ongelukkige skepsels! In plaas van hulle te laat leer deur di ware en verligte vriende van Suid Afrika, leen hulle gehoor an di kwaadstokende en

rasschaat/.....

rassehaat verwekkende Zuid Afrikaan en Patriot en geesgenote, domme en moedwillige aartsvyande van alle vooruitgang in di Koloni.

As di Afrikaners nou net mar wil luister na di goeie en welmerende raad van di Jingoos.

As hulle net di redakteurs van di Zuid-Afrikaan en Patriot, met nog 'n paar hoof-aanvoorders, soos Mr. J. H. Hofmeyr Jr., L. W. V. wil ophang.

As hulle dan di Boere Bond wil ontbānde en ver hulle by di Ryksbond aansluit; As hulle advokaat Leonard, Mr. Mackenzie, Sir Thomas Spaulen, Merriman en geesgenote, met di redakteurs van di Volksblad, Argus, ens. as Uitvoerende Komite van di Bond anstel; om kort te gaan, as hulle di klik wil lat regeer en dikteer dan kan alle nasionaliteite in di koloni as broeders lief-tallig saam wōn.

Dan heers in Suid Afrika eensgesindheid, liefde en vrede soos in Ierland. Wat is di vooruitsig skoon! Hoe sal di werklikheid wees!

IV.

Verskil van gevoele.

Op di ou wereld, waar lig en duisternis makkaar voortdurend afwissel, is oek gen volkome eenstemmigheid in denk - of handelwyse te wagte ni.

Dit is duidelik.

Elkeen het syn ei'e opvatting van 'n saak, en di is di regte. Iedereen het syn wyse van doen, en di is di beste. Na di maatstaf word di denk en handelwyse van andere afgemeet en beoordeel. Al wat ni presies daarmee ooreenkom ni is verkeerd.

Vandaar voortdurende wrywing, woeling en stryd. Dis ni om di waarheid self ni, mar om di verskillende opvattinge en verklarings daarvan. (21 Nov., '84).

LYE VAN VERKORT GESITEERDE BRONNE.

- Bouman en Pienaar. = Afrikaanse Spraakkuns, deur Dr. A. G. Bouman en Dr. E. G. Pienaar.
- Eerste Skrywers: = Eerste Skrywers, deur G. R. von Wielligh.
- Fonetiek. = Afrikaanse Fonetiek, deur Dr. T. H. le Roux en Mr. P. de V. Pienaar, M. A.
- Sintaksis. = Oor die Afrikaanse Sintaksis, deur Dr. J. J. Le Roux.
- Stoett. = Stoett - Middelnederlandsche Spraakkunst. Syntaxis.
- Van Oostrum en Kritzinger. = Afrikaanse Spraakkuns, deur O. v. Oostrum, G. I. en M. S. B. Kritzinger, M. A.

LYS VAN GERAADFLEEGDE BRONNE.

- Dr. A.C. BOUMAN en)
Dr. E.C. PIENHAAR) : Afrikaans Spraakkuns.
Dr. S.P. BOSHOFF : Volk en Taal van Suid-Afrika.
Dr. J.D. DU TOIT : S.J. du Toit: In Weg en Werk.
Ds. S.J. DU TOIT : Vergelykende Taalkunde fan Afrikaans
en Engels.
- DIES. : Geskiedenis van die Afrikaanse Taal-
beweging, ver vriend en vyand
uit Publieke en Private Bronne, Bewerk
deur 'n Lid van die Genootskap van
Regte Afrikaners. De Paarl 1880.
- J. FRANCK : Mitterniederländische Grammatik.
J. van GINNEKEN : Taalkundige Afdwalingen.
A.S.B. UITGAWE : Die Gedenkboek Ter ere van die Genoot-
skap van Opregte Afrikaners.
LECOUTRE : Inleiding tot de Taalkunde.
Dr. D.F. MALHERBE : Spreekwoorde en Verwante Vorme.
Dr. L. van NIEKERK : De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en
Letterkundige Voortbrengselen.
Dr. E.G. PIENHAAR : Taal en Poësie van die tweede Afrikaanse
Taalbeweging.
Dr. T.H. le Roux en
P. de V. PIENHAAR N.A. : Fonetiek.
Dr. J.J. le Roux : Sintaksis.
J.W. SCHRINEN : Handleiding by die Studie der Verge-
lykende Indo-germanse Taalwetenskap.
STOETT : Middelnederlandsche Spraakkunst.
Sintaksis.
O. VAN OOSTRUM en
M.S.B. KRITZINGER : Afrikaanse Spraakkuns.
VAN DALE : Groot Woordeboek.
VERDAM : Middele Nederlandse Hand Woordeboek.
G. R. VON WIELIGH : Baanbrekers.
DIES. : Eerste Skrywers.
DIES. : Ons Geselstaal.